

HOOFSTUK 8

DIE KENMOTIEF IN DIE WAARSKUWING TEEN

DIE VALSE LERAARS (2:1-22)

Dit blyk uit die gedagtestruktuurontleding in hoofstuk 3 punt 6.2 dat die gedeelte waarin Petrus die lesers teen die valse leraars waarsku, in die volgende drie kleiner gedagte-eenhede verdeel kan word:

- * *Gedagte-eenheid 1 (2:1-10a):* Die valse leraars en hulle volgelinge sal gestraf word, maar die regverdiges sal gered word.
- * *Gedagte-eenheid 2 (2:10b-16):* Die wandade van die valse leraars en hulle oordeel.
- * *Gedagte-eenheid 3 (2:17-22):* Die finale waarskuwing teen die valse leraars.

In hoofstuk 3 punt 7.5 is aangetoon dat die kenmotief moontlik in al drie hierdie gedagte-eenhede na vore tree. Daar word nou verder ondersoek ingestel na die manifestering van die kenmotief in hierdie drie gedagte-eenhede.

1. Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 (2:1-10a)

Die plek van die kenmotief in gedagte-eenheid 1 word bepaal deur vas te stel watter woorde in die gedagte-eenheid die kenmotief dra en dan aan die hand daarvan die kenmotief in gedagte-eenheid 1 te bestudeer.

1.1 Die voorkoms van woorde waardeur die kenmotief in gedagte-eenheid 1 na vore tree

In gedagte-eenheid 1 gebruik Petrus die volgende woorde wat moontlik die kenmotief dra:

- * Ἐγένοντο (2:1).
- * Ἀρνούμενοι (2:1).
- * Λόγοις (2:3).
- * Κρίμα (2:3).
- * Κρίσιν (2:4).
- * Τεθεικώς (2:6).
- * Ἀκοῇ (2:8).
- * Ψυχὴν (2:8).
- * Οἶδεν (2:9).
- * Πειρασμοῦ (2:9).

* Κρίσεως (2:9).

(vergelyk hoofstuk 3 punt 7.5.1).

Daar word nou bepaal of hierdie woorde werklik die kenmotief dra.

1.1.1 Ἐγένοντο

Die woord γίνομαι word in verskeie semantiese velde aangewend. Dit blyk egter uit Louw en Nida (1988ii:51) dat γίνομαι in een semantiese veld aangewend word wat aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), te wete semantiese veld *Dink* (30). In hierdie veld word die woord egter as deel van 'n idioom gebruik, 'n idioom wat nie in 2:1 figureer nie. Ἐγένοντο dra dus nie in 2:1 die kenmotief nie.

1.1.2 Ἀρνούμενοι

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:34) duidelik dat ἀρνέομαι in ses semantiese velde aangewend kan word. Twee van hierdie velde is aan die kenmotief verbind, te wete *Dink* (30) en 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31).

Dit blyk egter dat ἀρνούμενοι in 2:1 nóg in semantiese veld 31, nóg in semantiese veld 31 gebruik word, maar wel in die semantiese veld *Lei, Dissiplineer, Volg* (36). Die motivering vir hierdie aanname is die volgende: in 2:1 handel Petrus oor die optrede van die valse leraars teenoor hulle δεσπότην. Daar word in die studie aangetoon dat δεσπότην in 2:1 as benaming vir Jesus Christus gebruik word (vergelyk punt 1.2.2.2.1.4). Met die woord δεσπότην stel Petrus Jesus Christus se mag en gesag oor mense op die voorgrond (vergelyk Louw & Nida, 1988i:479 en ook punt 1.2.2.2.1.4). Daaruit kan afgelei word dat Petrus wil duidelik maak dat die valse leraars, wanneer hulle die valse leer invoer, weier om Jesus Christus te volg as die Een wat totale mag en gesag oor hulle het. Dit blyk dus dat Ἀρνούμενοι in 2:1 in die semantiese veld *Lei, Dissipline, Volg* (36) aangewend word en wel vir die betekenis *om te weier om iemand as leier te volg*. Die kenmotief word dus nie deur die woord ἀρνούμενοι in 2:1 gedra nie.

1.1.3 Λόγοις

Louw en Nida (1988ii:153) toon aan dat die woord λόγος in nege semantiese velde aangewend word. Drie van hierdie velde is aan die kenmotief verbind, te wete die velde *Ken* (28), *Dink* (30) en 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31). Dit is duidelik dat Petrus in 2:3 λόγοις nie in een van hierdie drie velde aanwend nie, maar in die semantiese veld *Kommunikasie* (33). In 2:3 handel Petrus immers oor die inhoud van die kommunikasie van die valse leraars, wat hy as πλαστοῖς beskrywe. Daar kan dus aanvaar word dat Petrus

λόγοις in die betekenisveld *Kommunikasie* (33) aanwend vir die betekenis *dit wat gesê is, met die fokus op die inhoud van die kommunikasie*.

Dit blyk dus dat λόγοις in 2:1 nie die kenmotief dra nie.

1.1.4 Κρίμα

Die woord κρίμα word in twee semantiese velde aangewend, te wete die semantiese velde *Dink* (30) en *Hof en wetlike prosedures* (56). Dit blyk dat Petrus met κρίμα in 2:3 na die feit verwys dat die valse leraars geoordeel is en strafwaardig is. Daaruit kan afgelei word dat Petrus hierdie woord gebruik in die semantiese veld *Hof en wetlike prosedures* (56) vir die betekenis *om te beoordeel en strafbaar te bevind* (56.30). Daarom word die kenmotief in 2:3 ook nie in κρίμα gevind nie.

1.1.5 Κρίσιν

Louw en Nida (1988ii:147) toon aan dat die woord κρίσις in een semantiese veld aangewend word wat aan die kenmotief gekoppel is, naamlik die semantiese veld *Dink* (30). Dit blyk egter dat Petrus die woord nie in semantiese veld 30 aanwend nie. Hierdie afleiding word gegrond op die feit dat hy in die voorbeelde van God se oordeel wat hy in 2:5-6 gee, die verwoestende straf van God beklemtoon. Die sondvloed is volgens 2:5 oor die ou wêreld gebring (2:5) en Sodom en Gommora is tot as verbrand (2:6). Daar kan daarom ook verwag word dat Petrus in die eerste voorbeeld van God se oordeel, ook na God se straf sal verwys. Petrus wend κρίσιν dus aan in die semantiese veld *Straf, Beloning* (38). Κρίσιν in 1:4 dra daarom nie die kenmotief nie.

1.1.6 Τεθεικώς

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:245) dat τίθημι slegs as deel van 'n idioom in semantiese velde gebruik word wat aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). In 2:6 gebruik Petrus τεθεικώς nie as deel van 'n idioom nie en is dit duidelik dat die kenmotief nie deur die woord gedra word nie.

1.1.7 Ἀκοῇ

Ἀκοῇ word in ses semantiese velde gebruik waarvan twee met die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), te wete die velde *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en *Verstaan* ((32); vergelyk Louw & Nida, 1988ii:8).

Dit blyk egter dat Petrus ἄκοῦ in 2:8 nie in een van hierdie velde aanwend nie, maar wel in die veld *Sensoriese gebeure en toestande* (24), aangesien hy in hierdie vers 'n verwysing maak na dinge wat Lot sintuiglik waargeneem het (gehoor en gesien het).

Die woord ἄκοῦ in 2:8 dra dus nie die kenmotief nie.

1.1.8 Ψυχὴν

Louw en Nida (1988ii:266) dui aan dat ψυχὴν in verskeie velde aangewend word, waarvan een veld aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), te wete *Dink* (30). In hierdie veld word die woord egter as deel van 'n idioom gebruik. Hierdie idioom is egter nie in 2:8 ter sprake nie. Die kenmotief word dus nie deur ψυχὴν in 2:8 na vore gebring nie.

1.1.9 Οἶδεν

Soos in hoofstuk 6 punt 1.1.2 aangetoon, word οἶδα in die volgende semantiese velde aangewend:

- * Ken (28).
- * Geheue en herinner (29).
- * Verstaan (32).
- * Eer (87).

Indien Petrus οἶδεν in semantiese velde 28, 29 of 32 aanwend, dra die woord οἶδεν die kenmotief, aangesien die veld aan die kenmotief gekoppel is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

Daar is reeds in die uiteensetting van die gedagtestruktuur aangedui dat 2:9-10a, waar οἶδεν gebruik word, as 'n gevolgtrekking dien van dit wat Petrus in die voorafgaande gedeelte (2:1-8) gestel het. Die voorafgaande gedeelte kan dus 'n aanduiding gee in watter semantiese veld Petrus οἶδεν in 2:9 gebruik.

Uit die voorafgaande gedeelte blyk dit dat God se vermoë om te onthou om te red en om te straf, ter sprake gebring word. Petrus beklemtoon dat die engele hulle straf sal ontvang wanneer hy sê dat hulle vir die oordeel bewaar word (1:4). Die ou wêreld, wat hulle nie aan die prediker van geregtigheid gesteur het nie, is nie gespaar nie, maar is deur die sondvloed verwoes. Ook het God nie vergeet om Sodom en Gomorra te straf nie.

God het ook onthou om Noag te red. Noag moes wel deur sy optrede 'n tyd lank as prediker dien (vergelyk punt 1.2.2.3.1.1), maar uiteindelik het God hom gered toe hy en die ander tydens die sondvloed bewaar is. Lot is ook gered al was daar 'n tyd wat hy sy siel moes kwel te midde van die mense in wie se midde hy gewoon het.

Op grond van die feit dat Petrus in 2:4-8 duidelik maak dat God uiteindelik straf en red, kan afgelei word dat οἶδεν in die semantiese veld *Geheue en oproep* (29) gebruik word. Dit is dus duidelik dat die woord οἶδεν wel die kenmotief na vore bring.

1.1.10 Πειρασμοῦ

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:191) dat die woord πειρασμός in twee semantiese velde gebruik word, te wete die velde *Leer* (27) en *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88). Slegs een van hierdie velde (veld 27) is aan die kenmotief gekoppel (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Uit die konteks van 2:9 blyk dit dat πειρασμοῦ in hierdie geval in die semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88) gebruik word, en wel om die volgende redes:

In die voorafgaande gedeelte (2:5-8) hou Petrus Lot en Noag aan sy lesers voor as voorbeelde van mense wat gered is (vergelyk hoofstuk 3 punt 6.2). In 2:5 beskryf hy hoe Noag hom tussen die "godelose mense" bevind het, en in 2:8 hoe Lot blootgestel was aan die versoeking om deel te hê aan die "sedelose lewe" en die "wettelose werke" van die mense van Sodom en Gomorra. Gelees teen hierdie agtergrond, verwys πειρασμοῦ in 2:9 na 'n versoeking tot bepaalde *morele en etiese gedrag* (veld 88), en meer spesifiek na 'n *poging om te veroorsaak dat iemand sondig* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:775).

Dit blyk dus dat Petrus nie die woord πειρασμοῦ gebruik om die kenmotief na vore te bring nie.

1.1.11 Κρίσεως

Daar kan afgelei word dat κρίσεως, soos κρίσιν in 2:4 (vergelyk punt 1.1.4) deur Petrus in die semantiese veld *Straf, Beloning* (38) aangewend word en dat die woord nie die kenmotief dra nie.

1.1.12 Slotsom

Dit blyk dus dat in gedagte-eenheid 1 slegs die woord οἶδεν die kenmotief na vore bring.

1.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 soos dit gedra word deur die woord οἶδεν

Die kenmotief in gedagte-eenheid 1, soos dit deur die woord οἶδεν in 2:9 gedra word, word nou bepaal deur eerstens die betekenis waarvoor die woord οἶδεν gebruik word, nader te

bepaal. Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, word volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is, bepaal.

Nadat bepaal is watter woorde die kenmotief dra, word die kenmotief bestudeer soos dit deur hierdie woorde in gedagte-eenheid 1 gedra word.

1.2.1 **Definiëring van die betekenis waarvoor die woord οἶδεν in 2:9 gebruik word**

1.2.1.1 **Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor οἶδεν in 2:9 gebruik word**

In punt 1.1.9 is aangetoon dat οἶδεν in 2:9 in die semantiese veld *Geheue en oproep* (29) aangewend word. In hoofstuk 5 punt 2.4.4.3 is aangetoon dat daar in semantiese veld 29 die volgende subdomeine voorkom:

- * Berging van inligting (A).
- * Oproep uit die geheue (B).
- * Nie onthou, Vergeet (C).
- * Oproep uit die geheue en reageer met die gepaste reaksie (D).

Volgens Louw en Nida (1988i:346-349) word οἶδα slegs in subdomein B van semantiese veld 29 aangewend. Wanneer die konteks waarin οἶδεν in 2:9 voorkom, in ag geneem word, blyk dit dat Petrus οἶδεν in 2:9 in subdomein D gebruik. Petrus vermeld immers uitdruklik in 2:9 die gepaste reaksie wat deur die oproep van inligting ingesluit word. Hy sê die Here onthou om te *verlos* (ῥύεσθαι) en om te *bewaar* (τηρεῖν). Dat die herroep van inligting ook gepaste reaksie insluit, blyk uit die voorbeelde van God se oordeel en redding in 2:4-8. Uit die voorbeelde blyk God se optrede teenoor die engele (2:4), die ou wêreld (2:5), Sodom en Gomorra (2:6), Noag (2:5) en Lot baie duidelik.

Dit blyk dat Petrus οἶδεν in 2:9 vir 'n betekenis gebruik wat Louw en Nida (1988i:348) reeds beskryf het, te wete betekenis 29.16 en wat in subdomein D voorkom. Louw en Nida (1988i:348) formuleer die betekenis soos volg: *om inligting op te roep en gevolglik op 'n gepaste wyse te reageer*. Daar kan dus gevolglik aan die betekenis waarvoor οἶδεν in 2:9 gebruik word, ook die nommer 29.16 toegeken word.

In hoofstuk 6 punt 4.2.4 is betekenis 29.16 reeds gedefinieer volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 beskryf word. Op grond van hierdie betekenisomskrywing is dit duidelik dat Petrus οἶδεν in 2:9 gebruik om die oproep van inligting aan te dui en hierdie oproep van inligting sluit 'n gevolglike gepaste reaksie in. Dit blyk dat Petrus met οἶδεν konsekwente optrede wil beklemtoon.

Inligting *word* uit die geheue opgeroep en daar *word* daarom gepas opgetree.

Die woord kan in Afrikaans met *onthou* weergegee word.

1.2.2 Die verband van οἶδεν met die res van gedagte-eenheid 1

Om te bepaal wat die verband is tussen οἶδεν en gedagte-eenheid 1 word eerstens aan die subjek van οἶδεν aandag gegee, naamlik κύριος.

Vervolgens word die verband tussen οἶδεν en die onregverdiges (ἀδίκους) ondersoek¹. Derdens word aandag gegee aan die verband tussen οἶδεν en die vromes, waarna die verband tussen οἶδεν en die bewaring om geoordeel te word, aandag kry. In die vyfde plek word ondersoek ingestel na die verband tussen οἶδεν en verlossing uit versoeking.

1.2.2.1 Οἶδεν en die Persoon wat onthou

In die protasis van die voorwaardesin wat vanaf 2:4 tot 2:8 strek, word God (ὁ θεός, 2:4) as die subjek gestel. Gód het nie die engele en die ou wêreld gespaar nie en het die stede verdoem, maar Hy het Noag bewaar en Lot gered. Wanneer Petrus in die apodosis van die sin in 1:9 dan stel dat die Here weet (οἶδεν κύριος) om te verlos en te oordeel, is die vraag of Petrus met κύριος na God die Vader of na die Here Jesus Christus verwys. Daar moet egter in ag geneem word dat Petrus in 1:17 aan die lesers duidelik gemaak het dat God die Vader Jesus Christus bekend gestel het as Wêreldheerser en as die Een wat God se gerig sal uitvoer.

Daaruit is dit duidelik dat Petrus met κύριος nie na God die Vader verwys nie, maar na Jesus Christus. In die protasis is God die Subjek, en in die apodosis van die sin is Hy nog steeds die Subjek, maar nou tree Hy op deur die Een wat Hy daarvoor aangewys het, sy geliefde Seun. Dit blyk dus dat κύριος in 2:9 na die Here Jesus Christus verwys as die een wat aangewys is om in die Naam van God te oordeel en te red.

Petrus druk dit die lesers in 2:9-10a op die hart dat hierdie Here *onthou* (οἶδεν). Hy is die een wat konsekwent inligting uit die geheue oproep en gepas optree (vergelyk punt 1.2.1.1 vir die betekenis waarvoor die woord οἶδεν in 2:9 gebruik word).

¹ Petrus vermeld die vromes (εὐσεβείς) voordat hy die onregverdiges (ἀδίκους) vermeld. Dit is egter uit gedagte-eenheid 1 duidelik dat die onregverdiges meer aandag ontvang en dat daar reeds heel aan die begin van die gedagte-eenheid na verwys word (vergelyk 2:1-3). In die studie word gevolglik eerste aandag gegee aan die onregverdiges.

Dit is belangrik om te bepaal watter inligting dit is wat die Here uit die geheue oproep. Aan hierdie inligting word vervolgens aandag gegee.

1.2.2.2 Oἵδεν en die onregverdiges

Petrus stel in 2:9 dat die Here onthou om die onregverdiges (ᾄδίκους) te bewaar om geoordeel te word.

Hoewel Petrus in 2:9 in die algemeen na onregverdiges verwys, blyk dit uit die konteks dat hy eerstens die valse leraars wat hy in 2:1-3 beskryf het, in die oog het. Petrus sluit immers in 2:3 die beskrywing van die valse leraars af met die aankondiging van hulle oordeel. Hy hervat die saak van die oordeel dadelik weer in 2:4-8 met die drie voorbeelde van God se oordeel. In 2:9 kom hy tot die gevolgtrekking dat die Here onthou om die onregverdiges te oordeel (vergelyk ook hoofstuk 3 punte 5.7 en 6.2). Om die verhouding tussen οἵδεν en die onregverdiges (ᾄδίκους) te bepaal, blyk dit dus noodsaaklik te wees om eerstens aandag te gee aan die valse leraars soos hulle in 2:1-3 beskryf word.

Ten einde te bepaal wat die verhouding tussen οἵδεν en die onregverdiges is, word in die tweede plek aandag gegee aan die voorbeelde van onregverdiges soos dit in 2:4-8 voorgehou word.

Petrus gee in 2:10a 'n nadere beskrywing van die onregverdiges. Hierdie nadere beskrywing van die onregverdiges word in die derde plek bestudeer.

1.2.2.2.1 Die valse leraars as die onregverdiges (2:1-3)

Petrus maak in 2:1-3 verskeie aspekte van die valse leraars bekend. Daar is reeds in punt 1.2.2.2 aangetoon dat Petrus met die verwysing na die onregverdiges in 2:9, eintlik die valse leraars in die oog het. Om 'n duidelike beeld te kan vorm van die persone wat Petrus in die oog het, word nou aandag gegee aan die verskillende aspekte wat Petrus van die valse leraars in 2:1-2 na vore bring.

1.2.2.2.1.1 Die tyd wanneer die valse leraars sal optree

Die feit dat Petrus in 2:1 sê dat daar in die toekoms valse leraars sal wees, maak dit duidelik dat die onregverdiges na wie Petrus in 2:9 verwys, mense is wat in die toekoms na vore sal tree. In 2:10b word daar egter van hulle gepraat asof hulle reeds teenwoordig is. Hieruit is dit duidelik dat ontwikkelinge rondom die leraars reeds aan die gang was toe Petrus die brief geskryf het. Hulle sou, soos Petrus in 2:1 stel, in die toekoms kom en hulle verderflike

ketterye invoer, maar hulle het reeds met hulle werksaamhede begin (vergelyk hoofstuk 2 punt 2.10).

Dit is duidelik dat die valse leraars reeds in die midde van die lesers werksaam was. Petrus maak egter bekend dat hierdie leraars eers in die toekoms tot volle ontplooiing sal kom.

1.2.2.2.1.2 Die valse profete van die Ou Testament en die valse leraars

Dit val op dat Petrus, wanneer hy in 1:1 die koms van die valse profete bekend maak, hom nie op 'n Christelike profesie beroep nie, maar op Ou -Testamentiese getuienis. Hy toon aan dat daar 'n parallel bestaan tussen die optrede van valse profete onder die volk Israel destyds en die toekomstige optrede van valse leraars waarmee die lesers te doen sal kry. Dit blyk dat Petrus daarmee doelbewus 'n band lê tussen die valse profete onder Israel en die valse leraars wat sal kom. Watson (1988:106-107) toon aan dat die Ou Testament op drie eienskappe van valse profete klem lê, naamlik:

- * hulle het nie met goddelike gesag geprofeteer nie (Dt. 18:20; Jer. 14:14; 23:21-32; Es.13:2-7).
- * hulle het dikwels vrede en veiligheid verkondig terwyl die ware profete oordeel verkondig het (Jer. 4:10; 6:14; 14:13, 15; 23:17; 27:9, 16-18; Es.13:10; Mig. 3:5,2).
- * God se oordeel is oor hulle aangekondig (Jer.14:15; 23:15; 28:16-7).

Wanneer Petrus dus in 2:1 'n band lê tussen die valse profete van die Ou Testament en die valse leraars wat sou kom, maak hy by implikasie meer inligting oor die leraars bekend. Die leraars leer nie met goddelike gesag nie; hulle verkondig ook vrede terwyl hulle oordeel moet verkondig en tegelykertyd is God se oordeel oor hulle aangekondig.

Dit blyk dus dat die valse leraars in die tradisie van die valse profete van die Ou Testament staan en daarom nie met goddelike gesag kan leer nie. Hulle verkondig vrede terwyl hulle oordeel moet verkondig. Ook is God se oordeel reeds oor hulle aangekondig.

1.2.2.2.1.3 Die leraars se leer

Petrus noem die leraars *ψευδοδιδάσκαλοι*. Hulle is dus nie slegs leraars nie, maar is valse leraars. Daarmee dui hy hulle aan as mense wat 'n leer verkondig waarvan die inhoud vals is (vergelyk Louw & Nida, 1988i:416).

Petrus beskryf die leer van die valse leraars met die woord *αἱρέσεις*. Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:6) dat die woord *αἱρέσεις* in drie semantiese velde aangewend word, te wete:

- * Groepe of klasse van persone en die lede van sulke groepe of klasse (11).
- * Kommunikasie (33).
- * Geheel, Eenheid, Deel, Verdeel (63).

Wanneer Reicke (1982:160) sê dat Petrus in 2:1 oor "destructive factional views" handel, is dit duidelik dat hy aanvaar dat die skrywer die woord in semantiese veld 63 aanwend. Uit Knoch (1990:260) en Mounce (1982:123) se verklaring van die woord, blyk dit dat hulle aanvaar dat die woord in semantiese veld 33 gebruik word, aangesien hulle aanvaar dat die woord die inhoud van wat die leraars leer, aandui.

Petrus gee met die benaming *ψευδοδιδάσκαλοι* 'n aanduiding watter betekenis hy in die oog het. Soos vroeër gestel, dui die woord *ψευδοδιδάσκαλοι* die leraars aan as mense wat valshede verkondig. Daaruit sou afgelei kan word dat hy ook met die woord *αἱρέσεις* verwys na die valse leer wat hulle wil verkondig, en dat die woord dus in semantiese veld 33 aangewend word. Petrus maak dus deur die gebruik van die woord *αἱρέσεις* duidelik dat die leraars 'n valse leer verkondig. Die valsheid van hulle leer word ook in 2:3 ter sprake gebring wanneer Petrus stel dat hulle mense deur *πλαστοῖς λόγοις* uitbuit. Die woord *πλαστοῖς* dui die woorde van die leraars aan as woorde wat vals is omdat dit versin is.

Petrus maak 'n belangrike aspek van die leer van die valse leraars se leer bekend wanneer hy in 2:1 stel dat hulle hul leer insmokkel (*παρεισάξουσιν*). Deur te sê dat hulle die leer van buite af inbring (vergelyk Louw & Nida, 1988i:163 vir die betekenis waarvoor *παρεισάξουσιν* gebruik word), maak Petrus duidelik dat hulle leer 'n vreemde leer is.

Die leer van die valse leraars word verder met die genitief *ἀπωλείας* in 2:1 verklaar. Die feit dat Petrus die woord *ἀπωλείας* in die konteks gebruik waar hy oor die eskatologiese oordeel handel (vergelyk 1:3-6), toon dat hy *ἀπωλείας* gebruik in die semantiese veld *Geweld, Leed, Vernietiging, Vermoor* vir die betekenis *om te vernietig of die verwoesting van iemand te veroorsaak* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:232). Dit blyk dat die genitief *ἀπωλείας* die leer (*αἱρέσεις*) van die valse leraars kwalifiseer ten opsigte van *gevolg*. Petrus wil met die genitief duidelik maak dat die leer van die leraars tot vernietiging lei (Grundmann, 1974:91).

Op grond van 2:3 is dit duidelik dat die valse leraars 'n spesifieke leer oor God se oordeel verkondig het. Neyrey (1980i:415-416) toon aan dat die skrywer met die stelling in 2:3 dat *die oordeel nie werkloos is nie en die verderf nie sluimer nie*, waarskynlik na 'n standpunt van die valse leraars verwys. Dit blyk dat die valse leraars ontken het dat God sal oordeel. Hierdie interpretasie word bevestig deur die feit dat Petrus in die brief God se oordeel duidelik beklemtoon (vergelyk 2:1, 3-10, 12, 17; 3:5-7, 10-12).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die valse leraars mense was wat 'n leer verkondig het waarvan die inhoud vals was en deur mense uitgedink is. Hulle verkondig dat God nie sal oordeel nie. Hulle leer was 'n vreemde leer wat hulle van buite af insmokkel en wat tot die eskatologiese vernietiging van elke navolger sal lei.

1.2.2.2.1.4 Die valse leraars se verhouding met Christus

God word in Lukas 2:29, Handeling 4:24 en Openbaring 6:10 δεσπότης genoem. In Judas 4 word *Christus* δεσπότης genoem. Die feit dat Petrus in 2:1 sê dat die δεσπότην mense gekoop het, laat blyk dat Petrus na alle waarskynlikheid met δεσπότης na Jesus Christus verwys (vergelyk Chang, 1985:53-54).

Met die benaming δεσπότεν stel Petrus die volstrekte mag en gesag van Christus op die voorgrond (vergelyk Louw & Nida, 1988i:479) vir die betekenis waarvoor δεσπότεν gebruik word).

Die valse leraars staan in 'n besondere verhouding tot Christus as δεσπότες. Hulle is volgens 2:1 deur Hom gekoop (ἄγοράσαντα). Ἀγοράσαντα word in 2:1 in die semantiese veld *Beheer, Regeer* aangewend vir die betekenis *om iemand se ontsetting of vryheid te bewerk deur middel van iets wat vir die persoon wat dit bewerk, kosbaar is* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:488). Petrus bring duidelik dieselfde gedagte na vore as wat hy in 1 Petrus 1:18-19 maak, te wete dat Christus mense deur sy kosbare bloed gekoop het.

Dit is opvallend dat die skrywer, hoewel hy die verlossingsgedagte met die woord ἄγοράσαντα op die voorgrond stel, Christus tog nie dienoooreenkomstig benoem met benaminge wat by sy verlossingswerk pas nie. Dit is nog meer opvallend as in ag geneem word dat die skrywer dikwels in die brief benaminge soos σωτήρ en Jesus gebruik (vergelyk byvoorbeeld 1:1, 2; 2:20; 3:3, 18). Die rede waarom Petrus in 2:1 Jesus spesifiek met die benaming δεσπότης aandui, is waarskynlik dat hy wil beklemtoon dat Christus totale gesag en mag het oor die wat Hy gekoop het. Wanneer Christus iemand gekoop het, behoort so 'n persoon Christus, die δεσπότης, se gesag en mag te erken.

Die valse leraars het egter nie hierdie mag en gesag van Christus oor hulle erken nie. Hierdie mense weier om die δεσπότην te volg (vergelyk punt 1.1.2 vir die betekenis waarvoor ἀρνούμενοι in 2:1 gebruik word).

Die beskrywing van die valse leraars in 2:1-3 maak dit duidelik dat die leraars geweier het om Jesus Christus te volg *deurdat hulle 'n valse leer verkondig het* (vergelyk 2:1b). Ook hulle *leefwyse* het daarvan getuig dat hulle Hom nie volg nie (vergelyk 2:2a).

Daar kan uit die voorafgaande afgelei word dat die valse leraars mense was wat met die mond bely het dat Jesus Christus hulle met sy bloed gekoop het. Hulle het egter geweier om sy volstrekke gesag oor hulle te erken deurdat hulle 'n valse leer verkondig het en immoreel gelewe het - sodoende weerspreek hulle hul aanspraak op verlossing.

1.2.2.2.1.5 Die hebsug van die valse leraars

Die leraars tree volgens 2:3 in hebsug (ἐν πλεονεξίᾳ) op. Die woord πλεονεξία dui op 'n begeerte wat die valse leraars het om meer en meer materiële besittings te hê (vergelyk Louw & Nida, 1988i:291-2 vir die betekenis waarvoor πλεονεξία gebruik word). Daarmee maak Petrus die motivering vir die leraars se aktiwiteite bekend. "'In their greed' (ἐν πλεονεξίᾳ) marks, as it were, the atmosphere that surrounds and governs the aims and actions of these false teachers." (Hiebert, 1984iii:262).

Uit 2:3 kan afgelei word dat die leraars deur die lesers finansiële onderhou sou word. Omdat hierdie leraars deur hebsug gemotiveer is, kon hulle versorging deur die lesers as uitbuiting (ἐμπορεύονται) bestempel word.

1.2.2.2.1.6 Die gevolge van die valse leraars se werk

Volgens 2:2 sal baie mense die losbandigheid (ταῖς ἀσελγείαις) van die valse leraars volg (ἐξακολουθήσουσιν). Louw en Nida (1988i:510) toon aan dat die woord ἐξακολουθήσουσιν aangewend word vir die betekenis *om gedrag deeglik na te boots*. Die gedrag wat die mense naboots, word deur die woord ἀσελγείαις aangedui. Hierdie woord word in 2:2 aangewend in die semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88) en Petrus dui daarmee 'n gedragwyse aan waarin iemand alle morele behoudendheid oorboord gooi (vergelyk Louw & Nida, 1988i:771).

Dit blyk dus dat die gevolge van die aktiwiteite van die valse leraars sal wees dat die mense wat hulle volg, immoreel begin lewe.

Wanneer hierdie mense begin om immoreel op te tree, word die weg van die waarheid (ἡ ὁδὸς τῆς ἀληθείας) volgens 2:2 belaster (βλασφημηθήσεται).

In 1:12 het Petrus gestel dat die lesers vasstaan in die waarheid (ἀληθεία, vergelyk hoofstuk 6 punt 1.2.3.6). Met ἀληθεία verwys hy na die apostoliese leer. In aansluiting hierby kan aanvaar word dat ἀληθείας in 2:2 ook na die leer van die apostels verwys.

Die feit dat hy nie net na die "die waarheid" verwys nie, maar na die "weg van die waarheid" toon aan dat Petrus oor 'n "verwirklikende Lebenslehre" handel en nie oor 'n "Lehre als

Theorie und Handeln als Praxis" nie (Grundmann, 1974:90-1; vergelyk ook Floor, 1992:192 se verklaring van ἀληθείας in Jk. 5:19).

Bauckham (1983:242) toon aan dat die woorde δι' οὗς... βλασφημηθήσεται 'n verwysing is na Jesaja 52:5. Hy wys ook daarop dat aanhalings en verwysings na Jesaja 52:5 in die vroeë Christendom op twee verskillende maniere gebruik is, te wete teen die Jode (byvoorbeeld in Rm. 2:24) en as aanmoediging aan Christene om nie aanstoot te gee aan die heidene deur 'n immorele lewe nie (byvoorbeeld in 1 Tm. 6:1, Tt. 2:5). Dit blyk dat Petrus dit in 2:2 in die laaste opsig gebruik. Die mense wat, in navolging van die valse leraars immoreel gaan optree, gaan die apostoliese leer soos dit in die praktyk uitgeleef word, 'n slegte naam by die heidene gee.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die valse leraars se arbeid baie slegte gevolge ingehou het. Hulle arbeid sou daartoe lei dat mense immoreel begin optree. 'n Verdere gevolg sou wees dat heidene sleg dink van die apostoliese leer, soos die leer in die praktyk in die navolgers van Jesus Christus se lewe gestalte kry.

1.2.2.2.1.7 Die valse leraars en die apostels

1:16-2:3 is in 'n omgekeerde parallelisme met 'n antitetiese karakter gestruktureer, waardeur Petrus die valse leraars met die apostels kontrasteer. Die struktuur kan soos volg uiteengesit word:

1:16-18	Apostels	a
1:19-21	Ou-Testamentiese profete	b
2:1a	Ou-Testamentiese valse profete	b
2:1b-3	Die valse leraars	a

Uit die voorafgaande studie blyk die volgende besonderhede van hierdie kontrastering:

- * Die leraars staan in die tradisie van die valse profete. Soos die valse profete verkondig hulle nie met gesag nie: hulle verkondig vrede terwyl hulle oordeel moes verkondig. Ook is God se oordeel oor hulle reeds aangekondig (vergelyk punt 1.2.2.2.1.2). Die apostels daarenteen kan hulle op die profesie van die Ou Testament beroep (vergelyk hoofstuk 7 punt 3.3.4.4) en staan daarom in die tradisie van die ware profete van die Ou Testament.
- * Die valse leraars se boodskap is vals (vergelyk punt 1.2.2.2.1.3) terwyl dit wat die apostels bekend gemaak het, die waarheid is (vergelyk hoofstuk 7 punt 3.3.4.5).
- * Die leer wat die leraars verkondig, is 'n vreemde leer wat van buite af ingebring word (vergelyk punt 1.2.2.1.3). Die apostels se leer is nie 'n vreemde leer nie; dit kom ooreen met dit wat die Ou Testament geleer het

(vergelyk hoofstuk 7 punt 3.3.4.5) en met dit wat die lesers reeds weet (vergelyk hoofstuk 6 punt 1.2.3.4).

- * Die leer van die valse leraars lei tot vernietiging (vergelyk punt 1.2.2.2.1.3), terwyl dit wat die apostels verkondig, tot ingang in die ewige koninkryk lei (vergelyk 1:11).
- * Die valse leraars verloën Christus deur hulle leer en leefwyse (vergelyk punt 1.2.2.2.1.4). Die apostels daarenteen maak bekend wat hulle gesien het. Ook lei die leefwyse waartoe hulle die lesers aanmoedig, tot groei in kennis van Jesus Christus (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.2.2.8).
- * Die woorde van die leraars is versin en daarom vals (vergelyk punt 1.2.2.2.1.4) terwyl dit wat die apostels bekend gemaak het, juis nie berus op legendariese stories wat deur menslike vernuf tot stand gekom het nie (vergelyk hoofstuk 7 punt 1.2.3.4).
- * Die werk van die leraars het tot gevolg dat mense hulle morele behoudendheid oorboord gooi (vergelyk punt 1.2.2.2.1.6). Dit wat die apostels verkondig het, lei tot ontvlugting van die morele verdorwenheid (vergelyk hoofstuk 5 punt 4.1.7).

Petrus maak dit dus duidelik dat die valse leraars in leer en lewe in skille kontras staan met die apostels.

1.2.2.2.2 Die voorbeelde van onregverdiges (2:4-8)

Petrus gee drie voorbeelde van onregverdiges in 2:4-8, te wete die engele, die ou wêreld en Sodom en Gomorra. Daar word nou aan hierdie voorbeelde aandag gegee ten einde 'n beskrywing te kan gee van die onregverdiges wat in 2:9 vermeld word.

1.2.2.2.2.1 Die engele as voorbeeld van onregverdiges (2:4)

Petrus vermeld in 2:4 dat die engele gesondig het (ἀμαρτησάντων). Hy stel egter nie uitdruklik watter sonde van die engele hy in gedagte het nie..

Meestal word die sonde van die engele deur skrywers verbind met die gebeure wat in Genesis 6 verhaal word (vergelyk Bauckham, 1983:248; Bolkestein, 1977:276; Kelly, 1969:331; Knoch, 1990:253; Van Houweling, 1993:59-60). Volgens hierdie standpunt word die "seuns van God" wat in Genesis 6:2 vermeld word, as 'n verwysing na engele verstaan en word aanvaar dat hierdie engele by vrouens (dogters van die mens) kinders verwek het.

Dit is egter moeilik om te aanvaar dat Petrus in 2:4 na Genesis 6 sou verwys, aangesien nadere bestudering van Genesis 6 aan die lig bring dat hierdie gedeelte nie na verhoudings

tussen engele en mense verwys nie. Keil en Delitzsch (1976:127-131) toon aan dat die vraag na wie die "seuns van God" verwys, alleen bepaal kan word binne die konteks waarbinne dit gebruik word. Hy wys daarop dat die woorde לְקַח אִשָּׁה 'n staande Ou-Testamentiese uitdrukking is om die huweliksverhouding wat God met die skepping ingestel het, aan te dui en dat dit nooit gebruik word om 'n blote seksuele verhouding aan te dui nie. Die feit dat engele, volgens Matteus 22:30, geesteswesens is wat nie trou nie, maak dit duidelik dat daar nie in Genesis 6 van engele sprake kan wees nie². Dit blyk dus beter te wees om te aanvaar dat die uitdrukking "seuns van God" na die nageslag van Set verwys.

Wat dit nog minder waarskynlik maak dat Petrus na Genesis 6 verwys, is die feit dat Petrus baie aandag gee aan die straf wat die engele ontvang het, terwyl daar in Genesis 6 geen melding gemaak word van straf vir engele nie. Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat Petrus nie na Genesis 6 verwys nie.

Die vraag kan egter gevra word of die skrywer nie afhanklik is van 'n spesifieke interpretasie van Genesis 6 nie, soos byvoorbeeld in 1 Henog gevind word nie. Dit is egter baie opmerklik dat Petrus, anders as die brief van Judas, baie weinig ooreenkomste met 1 Henog vertoon. Ook die dinge wat Petrus in 2:4 van die engele verhaal, toon weinig ooreenkomste met Henog. Die verskille is sodanig dat Bauckham (1983:248) tot die gevolgtrekking kom dat die skrywer 1 Henog dalk nie geken het nie. Green (1977:98) sê ook dat, indien Petrus na 1 Henog verwys, hy dit met "utmost discretion" doen. Daar kan dus aanvaar word dat die skrywer nie Henog se interpretasie van Genesis 6 navolg nie.

Dit is ook baie moeilik om te bepaal of Petrus na enige ander interpretasie van Genesis 6 verwys en dit blyk daarom beter te wees om saam met Calvyn (1976:348), Greijdanus (1929:294) en Van Houweling (1988:167)³ te aanvaar dat Petrus na die pre-historiese val van die engele verwys - die engele wat Satan in sy opstand teen God nagevolg het. Indien aanvaar word dat Petrus na die opstand van die engele teen God verwys, pas hierdie interpretasie ook goed in by dit wat in 2:1 beklemtoon is. In 2:1 het Petrus reeds beklemtoon dat die valse leraars nie Christus as δεσπότης wil volg nie deurdat hulle hul nie aan sy gesag en mag onderwerp nie (vergelyk punt 1.2.2.2.1.4). God se straf is ook uitdruklik in 2:1 aan hierdie opstand gekoppel wanneer Petrus sê dat hulle 'n vinnige verderf oor hulleself bring. Die opstandige engele, wat deur God gestraf is, dien as 'n goeie voorbeeld van God se optrede teenoor mense wat Christus as δεσπότης nie gehoorsaam nie.

² Van Houweling (1993:60) se standpunt dat Jesus Hom nie volgens Markus 12:25 oor die vraag of *gevalle* engele kan trou nie, uitspreek nie, word deur Keil en Delitzsch (1976:131-132) weerlê.

³ Van Houweling het egter in sy kommentaar op 2 Petrus sy standpunt verander en stel dat Petrus in 2:4 na 'n interpretasie van Genesis 6 verwys.

Die voorbeeld van die engele wat in 2:4 genoem word, beklemtoon dus dat die onregverdiges (2:9) mense is wat hulle nie wil onderwerp aan God se gesag nie.

1.2.2.2.2 Die ou wêreld as voorbeeld van die onregverdiges (2:5)

Die feit dat Petrus in 2:5 duidelik maak dat die "ou wêreld" met die sondvloed vernietig is, toon dat die "ou wêreld" waarna Petrus in 2:5 verwys, die wêreld voor die sondvloed is. Petrus beskryf dit as 'n "wêreld van die goddeloses" (κόσμος ἄσεβων). Ἀσεβῶν verwys in 2:5 na die betekenis *om sonder agting vir religieuse oortuiging of praktyk te lewe* (vergelyk Louw & Nida, 1988ii:533). Die feit dat Petrus in 2:4 na die sondvloed verwys, gee 'n duidelike aanduiding dat hy met die woord ἄσεβων 'n opsomming wil gee van die toestand en die leefwêreld van die mens net voor die sondvloed. Die woord vat daarom waarskynlik die leefwêreld van die mens saam soos dit in Genesis 5 beskryf word, naamlik dat: "... die boosheid van die mens op die aarde groot was en dat al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was".

Deur die voorbeeld van die ou wêreld word dit dus duidelik gemaak dat die "onregverdiges" (2:9) op dieselfde wyse as die mense kort voor die sondvloed geëvalueer kan word. Hulle is ook soos daardie mense in gedagtes boos en sleg.

1.2.2.2.3 Die stede Sodom en Gomorra as voorbeelde van die onregverdiges (2:6-8)

In die derde voorbeeld wat in 2:6-7 gegee word, word die sonde van die inwoners van Sodom en Gomorra uitdruklik beskryf. Die mense self word sedeloses (τῶν ἀθέσμων) genoem en daar word gesê dat hulle in losbandigheid (ἐν ἀσελγείᾳ) gewandel het (2:7). Dit is duidelik dat Petrus verwys na die gebeure wat in Genesis 19:4-10 beskryf word. Die optrede van die mense wat aangedring het om die engele wat deur Lot gehuisves is te beken, word deur Petrus as losbandigheid (ἀσελγείᾳ) beskryf en gee aanleiding daartoe dat die mense as sedeloses (τῶν ἀθέσμων) beskryf kan word.

Die voorbeeld van die stede laat dus blyk dat die onregverdiges wat in 2:9 beskryf word, die gedagte van sedeloosheid en losbandigheid presiseer.

Petrus noem ook dat die mense van Sodom wettelose werke (ἀνόμοις ἔργοις) bedryf het. Daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen die uitdrukking ἀνόμοις ἔργοις en die woorde waarmee Sodom in Genesis 19:15 beskryf word, naamlik ταῖς ἀνομίαις τῆς πόλεως (volgens die Septuaginta). Hierdie beskrywing vind duidelik in Petrus se woorde weerklank.

Wanneer Petrus dus die onregverdiges in 2:9 vermeld, het hy mense in die oog wat, soos die mense van Sodom en Gomorra, hulle nie aan God se gebooie gesteur het nie (vergelyk ook die betekenis waarvoor die woord ἄνομος in die semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88) gebruik word).

Die voorbeeld van die stede Sodom en Gomorra dien dus ook daartoe dat die lesers in 2:9 sal verstaan dat onregverdiges mense is wat hulle nie aan God se wette steur nie.

1.2.2.2.3 Die nadere beskrywing van die onregverdiges (2:10a)

In 2:10a beskryf Petrus die onregverdiges eerstens as mense wat agter vlees aanloop en tweedens as mense wat die heerskappy verag. Hierdie twee beskrywings word nou bestudeer.

1.2.2.2.3.1 Die onregverdiges as mense wat agter die vlees aanloop

Petrus maak met die woorde μάλιστα δέ in 2:10a dit duidelik dat hy 'n nadere beskrywing wil gee van die onregverdiges wat hy in 2:9 vermeld het. Die onregverdiges oor wie in 2:9 geskryf is, is veral diegene wat in begeerte vir vuilheid⁴ (ἐν ἐπιθυμίᾳ μiasμοῦ) agter die vlees (τοὺς ὀπίσω σαρκός) aan wandel (πορευομένους). Die praesens deelwoord πορευομένους druk 'n herhaalde handeling uit. Dit is daaruit duidelik dat die skrywer wil beklemtoon dat die mense wat hy beskryf nie net soms agter die vlees aan loop nie. Hulle is getroue volgelinge.

Volgens Schweizer (1975:143) verwys die woord σάρξ in 1:10 op sigself na die sonde. Ook Bauckham (1983:255) sê dat σάρξ in 2 Petrus, anders as in Judas 7 en 8 'n "less neutral sense" het. Van Houweling (1988:177) toon egter aan dat die sondige nie in die vlees as sodanig gesetel is nie, maar in die begeerte vir vuilheid (ἐν ἐπιθυμίᾳ μiasμοῦ).

Dit is opvallend dat Petrus nie, soos Judas in Judas 7-8, van vreemde (ἐτέρας) vlees melding maak nie, maar net van die vlees. Kahmann (1983:69) toon aan dat Petrus daardeur na "wellust in het algemeen" verwys.

Dit blyk dus dat onregverdiges volgens 2:10a mense is wat hulle deur hulle wellustige begeertes laat oorheers.

1.2.2.2.3.2 Die onregverdiges en die mense wat die heerskappy verag

⁴ Bigg (1969:279) en Van Houweling (1988:177) toon aan dat μiasμοῦ as objektiewe genitief verstaan moet word.

Volgens 2:10a blyk dit verder dat die onregverdiges mense is wat 'n bepaalde houding teenoor die heerskappy (κυριότητος) inneem. In die lig van 2:1a waar Petrus met die woord δεσπότην na Jesus Christus verwys (vergelyk punt 1.2.2.2.1.4), kan aanvaar word dat κυριότητος na die heerskappy van Jesus Christus verwys (Kahmann, 1983:69; Knoch, 1990:265; Van Houweling, 1993:65) en nie na menslike gesagsdraers nie (Calvyn, 1976:352; Reicke, 1982:167).

Die houding van hierdie mense teenoor die heerskappy van Jesus Christus word beskryf met die woord καταφρονοῦντας. Deur die gebruik van hierdie woord openbaar Petrus dat hierdie mense die heerskappy van Jesus Christus minag omdat hulle dit as sonder waarde beskou (vergelyk Louw & Nida, 1988i:763 vir die betekenis waarvoor καταφρονοῦντας gebruik word).

1.2.2.3 Οἶδεν en die vromes (εὐσεβεῖς)

Petrus maak dit in 2:9 duidelik dat die Here onthou om die vromes (εὐσεβεῖς) te verlos. Die woord εὐσεβεῖς verwys in 2:9 na mense wat toegewyd is om hulle geloofswaarhede uit te leef (vergelyk Louw & Nida, 1988i:532). Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan met *vromes* in Afrikaans weergegee word. Hoewel Petrus in 2:9 in die algemeen na die vromes verwys, is dit duidelik dat hy die lesers in die oog het. Hierdie aanname word gegrond op die feit dat hy reeds van die lesers gesê het dat hulle 'n kosbare geloof ontvang (vergelyk hoofstuk 4 punt 6.3.3) het en dat hulle vasstaan in die waarheid (vergelyk hoofstuk 6 punt 1.2.3.6). Die lesers is die vromes van wie die Here inligting uit die geheue oproep en gepas optree.

Dit blyk egter dat Petrus in 2:3-8 twee vroom persone as voorbeelde aan die lesers voorhou. Hierdie voorbeelde word nou bestudeer om sodoende 'n nadere beskrywing te gee van die vromes van wie Petrus sê dat die Here onthou om hulle te red.

1.2.2.3.1 Die vromes in 2:9 teen die agtergrond van die voorbeelde van vromes in die Ou Testament

1.2.2.3.1.1 Noag as voorbeeld van iemand wat vroom is (2:5)

Van Noag word in 1:5 gesê dat hy die prediker van geregtigheid (δικαιοσύνης κήρυκα) was. Verskeie skrywers (onder andere Knoch, 1990:263 en Mounce, 1982:126-127) wys daarop dat Noag nie in Genesis as prediker voorgehou word nie en kom tot die gevolgtrekking dat die skrywer in dit wat hy van Noag stel, by die Joodse tradisies rondom Noag aansluit.

Die feit dat daar in die Septuaginta (Gn. 6:9 en 6:12) uitdruklik vermeld word dat Noag 'n regverdige man (ἄνθρωπος δίκαιος) was en dat die aarde in Noag se tyd vol ongeregtigheid (ἀδικίας) was, laat eerder dink dat Petrus verwys na die geskiedenis soos dit in Genesis 6 verhaal word. Te midde van die ongeregtigheid van die mense rondom hom het Noag in geregtigheid volhard.

Genesis verhaal nie dat Noag 'n prediker was nie, maar dit blyk dat Petrus die gegewens interpreteer wat in Genesis aangaande Noag verstrekkend word. Noag se daad was 'n prediking van geregtigheid deurdat hy in gehoorsaamheid die ark gebou het en daardeur op die mense in wie se midde hy was, 'n appèl gemaak het om geregtigheid te doen.

Deur die voorbeeld van Noag hou Petrus dus 'n vrome voorbeeld as iemand wat te midde van mense wat onreg doen, geregtigheid doen en deur dit te doen op ander mense 'n appèl maak om ook geregtigheid te beoefen.

1.2.2.3.1.2 Lot as voorbeeld van iemand wat vroom is (2:7-8)

Lot word in 2:7 as 'n regverdige (δίκαιον) beskryf wat hom gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense. Kelly (1969:333-4) sê die skrywer "goes beyond the strict narrative of the OT". Volgens hom word Lot in Genesis beskryf as 'n "weak and timorous man" wat nie veel weerstand gebied het teen die mense van sy tyd nie. Hy (en ook Knoch, 1990:264) kom tot die gevolgtrekking dat die skrywer met sy beskrywing van Lot, aansluit by 'n ander tradisie waar Lot as voorbeeld van deugsaamheid voorgelê word. Alexander (1985:289-91) toon egter aan dat Genesis 18-19 Lot nie so negatief beskryf soos dikwels aanvaar word nie. Hy wys op die feit dat Lot se gasvryheid in Genesis beklemtoon word. Verder toon hy aan dat Abraham, wat volgens Genesis 18:22-33 veral oor Lot bekommerd was, nie by God pleit op grond van sy familieverband met Lot nie, maar op grond van Lot se regverdigheid. Daar kan dus aanvaar word dat Petrus verwys na die gebeure soos dit in Genesis 18-19 verhaal word, wanneer hy sê dat Lot 'n regverdige was.

Petrus se verwysing na Lot as voorbeeld van 'n vroom man is in ooreenstemming met Genesis 18-19. Lot se vroomheid was daarin geleë dat hy, ondanks die gevare wat dit vir hom ingehou het, geweier het om met die sedelose planne van die manne van Sodom mee te doen. Trouens, hy het die vreemdelinge onder sy dak geneem en hulle teen die manne van Sodom beskerm.

Petrus se woorde dat Lot sy regverdige siel dag na dag oor die wettelose werke van die inwoners gepynig het, is dus duidelik 'n interpretasie van die gegewens wat in Genesis opgeteken is. Hy wil daarmee beklemtoon dat Lot as vrome 'n innerlike stryd moes beleef terwyl hy tussen sulke mense geleef het.

Uit bogaande kan afgelei word dat Petrus Lot as voorbeeld van 'n vrome aan die lesers voorhou. Sy vroomheid het daarin bestaan dat hy geweier het om aan sedeloosheid enige deel te hê en daarin dat hy uit innerlike oortuiging daarteen gestry het.

1.2.2.4 Ὁἰδεν en die bewaar om te straf

Petrus maak dit in 2:9 duidelik dat die Here onthou om te bewaar vir die straf. Daar is in hoofstuk 3 punt 5.7 aangetoon dat Petrus in 2:9-10a 'n gevolgtrekking maak op grond van dit wat hy uit 2:1-3 gestel het. Dit blyk dat Petrus in die gedeelte wat die gevolgtrekking voorafgaan, telkens na die oordeel en straf van God verwys. Ten einde die verband te bepaal tussen οἰδεν en die *Here se onthou om te straf*, word daarom aan verskeie sake aandag gegee wat in 2:1-3 vermeld word. Eerstens word God se straf bestudeer teen die agtergrond van sy straf in 2:1-3. Tweedens word aandag gegee aan God se straf teen die agtergrond van die voorbeelde van sy straf oor die engele, die ou wêreld en Sodom en Gomorra.

1.2.2.4.1 Bewaar om te straf teen die agtergrond van God se straf oor die valse leraars volgens 2:1-3

1.2.2.4.1.1 God se oordeel as vernietiging

In 2:1 maak Petrus bekend dat die valse leraars vernietiging (ἀπόλειαν) oor hulleself sal bring. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:232) dat die woord ἀπόλειας die betekeniskomponent van vernietiging na vore bring. Die valse leraars gaan dus nie maar net straf tegemoet nie, maar wel vernietiging.

1.2.2.4.1.2 Die tyd van God se oordeel

Petrus maak in 2:1 ook bekend dat hierdie valse leraars se vernietiging gou (ταχινήν) sal kom. In 2:1 word ταχινήν nie gebruik om aan te dui dat die vernietiging van die valse leraars *skielik* sal wees nie (vergelyk Louw & Nida, 1988i:644), maar om aan te dui dat die vernietiging *gou* sal kom (Bauckham, 1983:241).

Die skrywer bring die lesers dus onder die besef dat die valse leraars se vernietiging, sodra hulle verskyn, reeds op hande is.

1.2.2.4.1.3 God se oordeel in die tyd voor die oordeel sigbaar aanbreek

In 2:3 word gesê dat die valse leraars se oordeel (τὸ κρίμα) nie werkeloos is nie (οὐκ ἄργεῖ) en dat hulle vernietiging (ἀπόλεια) nie sluimer (νοστάζει) nie.

Petrus vermeld in 3:4 dat die spotters sal vra waar die belofte van die koms is en sal beweer dat alles dieselfde bly. Hy vermeld ook dat sommige dink dat die Here die belofte vertraag (3:9). In die lig hiervan is dit duidelik dat Petrus in 2:3 feite oor God se oordeel bekend wil maak in die tyd voor die oordeel sigbaar word. In die tyd voor die dag van die Here aanbreek (vergelyk 3:10) is die valse leraars se oordeel nie werkeloos nie en hulle vernietiging sluimer nie.

Die feit dat Petrus "oordeel" (κρίμα) en "vernietiging" (ἀπόλεια) personifieer, dui daarop dat hy eintlik wil wys op die Persoon agter die oordeel en vernietiging. God is in sy oordeel nie werkeloos nie en Hy sluimer nie in die vernietiging van die valse leraars nie. *God* het die magte van "oordeel" en "vernietiging" daargestel en hierdie magte sal "zur rechten Zeit hervortreten und ihr Werk tun werden" (Knoch, 1990:262).

1.2.2.4.2 Bewaar om te straf teen die agtergrond van die voorbeelde van God se straf in 2:4-8

1.2.2.4.2.1 God se oordeel en die engele (2:4)

Volgens 2:4 is die engele nie gespaar nie (οὐκ ἐφείσατο). Wat hierdie "nie gespaar nie" beteken, word in die res van 2:4 uiteengesit. Die engele wat nie gespaar is nie, is oorhandig (παρέδωκεν). Deur die woord παρέδωκεν word duidelik gemaak dat die engele oorgegee is vir straf wat toegedien moet word (vergelyk vir die betekenis waarvoor die woord παραδίδωμι gebruik word Louw & Nida, 1988i:485). Petrus sê ook dat die engele aan die kettings van duisternis (σειραῖς ζόφου) oorgegee is.

Deur hierdie beeld beklemtoon Petrus dat die engele gevangenes is wat sonder bewegingsvryheid hulle oordeel moet afwag (Van Houweling, 1988:168). In die lig daarvan dat die woord ζόφου in 2:4 verwys na 'n toestand van donkerte, wat met gevoelens van wanhoop geassosieer word (vergelyk Louw & Nida, 1988i:176), is dit duidelik dat Petrus wil beklemtoon dat die gevangenskap van die engele vir hulle wanhoop inhou. Hulle is nie net gebind met kettings nie, maar met kettings van duisternis.

Meer word van die oordeel oor die engele duidelik wanneer Petrus sê dat die engele in Tartarus gewerp is (ταρτρώσας). Die werkwoord ταρταρώ is volgens Fornberg (1977:51-2) meestal in die Griekse mitologie gebruik in verband met Zeus se bestraffing van die Titane. Uit die Griekse mitologie is dit duidelik dat die naamwoord τάρταρος gebruik is om 'n plek van aanhouding en marteling in die laagste deel van die onderwêreld aan te dui (vergelyk Bauckham, 1983:249; Green, 1977:99; Kahmann, 1983:64 en Louw en Nida, 1988i:7). Dit

blyk dat Petrus met die werkwoord $\tauαρταρώσας$ wil beklemtoon dat die engele deur God in 'n plek van aanhouding en marteling geplaas is.

Petrus dui ook die doel aan waarom die engele in $τάρταρος$ gewerp is. Hy sê hulle is in die $τάρταρος$ gewerp om bewaar te word ($τηρουμένων$) tot die oordeel ($εἰς κρίσιν$). Uit die konteks is dit reeds duidelik dat Petrus met $κρίσιν$ na die eskatologiese oordeel verwys.

Dit blyk uit bostaande gegewens dat die voorbeeld van God se oordeel oor die engele daartoe dien om te beklemtoon dat God ongetwyfeld sal straf. Hy het nie die oortredings van die engele ongestraf laat verbygaan nie, maar dit wat Hy reeds teen hulle gedoen het, verseker dat hulle hul volle straf sal ontvang in die eindoordeel.

Daar kan aangeneem word dat die skrywer met die voorbeeld van God se oordeel oor die engele, eintlik die valse leraars in die oog het. As die engele, wat heerlike wesens was, nie deur God gespaar is nie, sal God sekerlik ook teen sondige mense optree (Calvyn, 1976:348).

1.2.2.4.2.2 God se oordeel oor die ou wêreld (2:5)

Soos die engele (2:4) is ook die ou wêreld nie gespaar nie (2:5). Die ou wêreld verwys na die wêreld voor die sondvloed (vergelyk punt 1.2.2.2.2.2). Wat dit alles behels dat God die ou wêreld nie gespaar het nie, word uit die res van 2:5 duidelik. God het die wêreld van die goddeloses oorstrom (κατακλυσμόν).

Daar is reeds aangetoon dat κόσμῳ ἄσεβῶν die leefwêreld van die mens kort voor die sondvloed aandui (vergelyk punt 1.2.2.2.2.2). Dit blyk dat Petrus, wanneer hy stel dat God κόσμῳ ἄσεβῶν oorstrom het, wil beklemtoon dat God die hele leefwêreld van die goddeloses tot 'n einde gebring het.

God se oordeel behels dus dat Hy die leefwêreld van die onregverdiges vernietig.

1.2.2.4.2.3 God se oordeel oor Sodom en Gomorra (2:6)

God het volgens 2:6 die stede Sodom en Gomorra tot ondergang veroordeel (καταστροφῇ κατέκρινεν).

Petrus lê in 2:6 klem op die verwoestende uitwerking van God se oordeel. Met die woord $τεφρώσας$ dui Petrus aan dat die vernietiging van hierdie stede tot so mate plaasgevind het dat net as oorgebly het.

Dit is baie belangrik om daarop te let dat die skrywer in 2:6 uitdruklik vermeld dat die verwoesting van die stede as voorbeeld moet dien van dinge wat oor die goddeloses sal kom. God se verwoesting van die stede word dus deur die skrywer self as prototipe gestel vir die eskatologiese oordeel wat kom (Bauckham, 1983:252).

Dit word dus duidelik dat Petrus Sodom en Gomorra as voorbeeld aan die lesers voorhou waarin hy bevestig dat God die goddeloses wat Hy veroordeel het, geheel en al sal vernietig.

1.2.2.5 Onthou en die verlossing uit versoeking

Volgens 2:9 onthou die Here ook om uit versoeking te verlos. Dit is duidelik dat Petrus in 2:4-8 in die saak wat hy aangaande Noag en Lot aan die orde stel, twee voorbeelde gee van die verlossing uit versoeking. Om die verband tussen οἶδεν en die verlossing uit versoeking vas te stel, word eerstens aandag gegee aan Noag se verlossing en tweedens aan Lot se verlossing.

1.2.2.5.1 Die verlossing van Noag (2:5)

Volgens 2:5 bestaan Noag se redding daarin dat God hom bewaar het (ἐφύλαξεν). Die woord ἐφύλαξεν word deur Petrus in 2:5 aangewend vir die betekenis *om baie intensief oor iemand te waak* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:260).

Noag se omstandighede, soos dit in 2:5 geskets word, werp lig op die wyse waarop God Noag bewaar het. Noag het volgens 2:5 in 'n wêreld van goddeloses gelewe. Wanneer Petrus sê dat Noag 'n prediker van geregtigheid was, 'n prediker van geregtigheid in 'n wêreld van goddeloses, stel hy daarmee implisiet die konfrontasie tussen Noag en die wêreld waarin hy geleef het, aan die orde. Hierdie tyd waarin Noag in konfrontasie gestaan het, was ook 'n tyd van versoeking. Noag was onder druk om die geregtigheid, wat hy deur sy leefwyse, gepredik het, te staak en soos die mense van die ou wêreld goddeloos te begin leef.

Hierdie wêreld waarin Noag geleef het, die ou wêreld, het God egter, volgens 2:5, nie gespaar nie, maar die sondvloed daaroor gebring. Petrus beklemtoon egter dat God Noag bewaar het. Toe God die "ou wêreld", waarmee Noag in konfrontasie was, vernietig, het hy Noag bewaar en hom tot in die nuwe wêreld van na die sondvloed gebring. Bauckham (1983:250) toon aan dat die skrywer in 2 Petrus oor drie wêrelde handel. Die eerste wêreld is die wêreld voor die sondvloed (vergelyk 2:5), die tweede wêreld is die huidige wêreld en die derde wêreld is die nuwe wêreld wat na die koms van die dag van die Here sal aanbreek (vergelyk 2:13).

Noag moes dus 'n tyd as prediker van geregtigheid in konfrontasie staan met die wêreld van ongeregtigheid, maar toe God hierdie wêreld vernietig, het Hy Noag dwarsdeur die oordeel heen bewaar.

Dit blyk dat Petrus vir die lesers duidelik maak dat God vromes soos Noag, wat as gevolg van hulle geloof, in konfrontasie staan met die wêreld waarin hulle leef, 'n tyd in hierdie konfrontasie laat leef, maar dat Hy hulle uiteindelik daaruit verlos. God verlos hulle wanneer hy die oordeel oor die goddelose bring maar die vromes veilig dwarsdeur die oordeel heen bewaar.

1.2.2.5.2 Die verlossing van Lot (2:7-8)

Lot is volgens 2:7 deur God verlos (ἐρρύσατο). Die woord ῥύομαι word in 2:7 gebruik vir die betekenis *om uit gevaar te red, met die implikasie dat die gevaar ter sprake, erg en akuut is* (Louw en Nida, 1988i:241).

Uit die omstandighede van Lot, soos Petrus dit in 2:6-7 weergee, kan verdere afleidings gemaak word in verband met God se verlossing van Lot. Net soos met Noag, beklemtoon Petrus in 2:6-7 dat Lot ook in konfrontasie gestaan het met die mense saam met wie hy geleef het. Lot word in 2:6-7 beskryf as 'n regverdige (δίκαιον) mens met 'n regverdige siel wat saam met sedelose mense met 'n losbandige lewenswandel geleef het. Petrus sê Lot moes gebuk gaan (καταπονούμενον) onder die lewenswandel van sedelose mense. Met καταπονούμενον dui Petrus aan dat hierdie mense se leefwyse veroorsaak het dat Lot kweuling ondergaan het (vergelyk Louw & Nida, 1988i:756 vir die betekenis waarvoor die woord καταπονέω gebruik word). Die praesens deelwoord druk die "voortdurende lijden en gebukt gaan onder deze kweuling" uit (Greijdanus, 1929:298). God het Lot dus 'n tyd in die konfrontasie laat woon met die sedelose en losbandige wêreld waarin hy geleef het.

Hierdie tyd was vir Lot 'n tyd van versoeking. Hy was, soos Noag, onder druk om soos die wêreld waarin hy geleef het, losbandig en sedeloos te begin leef.

Toe God egter die stede van Sodom en Gomorra verwoes, het Hy Lot verlos van hierdie versoeking. Uit Genesis 19 is dit duidelik dat God Lot betyds weggeneem het uit die stad wat Hy wou verwoes.

Dit blyk dat Petrus met die voorbeeld van Lot, dieselfde gedagte by die lesers tuisbring aangaande God se verlossing uit die versoeking, as wat hy met die voorbeeld van Noag by hulle tuis gebring het. God laat die vrome 'n tyd in konfrontasie staan met die sedelose en losbandige wêreld waarin hy leef. Hierdie tyd is 'n tyd waarin die vrome in versoeking kom om soos die wêreld rondom hom aan die sedeloosheid en losbandigheid te begin deelneem.

Wanneer God egter hierdie wêreld met die oordeel tref en die vromes die verwoestende oordeel spaar, word die vromes van die versoeking verlos.

2. Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 (2:10b-16)

Daar word eerstens bepaal watter woord/e in gedagte-eenheid 2 die kenmotief dra. Daarna word aandag gegee aan die plek van die kenmotief in gedagte-eenheid 2 soos dit deur hierdie woord/e gedra word.

2.1 Die voorkoms van woorde waardeur die kenmotief in gedagte-eenheid 2 na vore tree

In hoofstuk 3 punt 7.5.1 is aangetoon dat Petrus die volgende woorde gebruik waardeur die kenmotief moontlik na vore tree:

- * ἄλογα (2:12)
- * ἄγνοοῦσιν (2:12)
- * ἡγούμενοι (1:13)
- * ἀπάταις (2:13)
- * ὀφθαλμούς (2:14)
- * ἀστηρίκτους (2:14)
- * καταλείποντες (2:15)
- * ἐπλανήθησαν (2:15)
- * παραφρονίαν (2:16)

Daar word nou verder ondersoek ingestel om te bepaal of Petrus deur hierdie woorde die kenmotief na vore bring.

2.1.1 ἄλογα

ἄλογος word in twee semantiese velde aangewend, te wete die velde *Dink* (30) en *Verhoudings* ((89) Louw & Nida, 1988ii:10). Dit is duidelik dat Petrus 'n eienskap van 'n dier hier wil benadruk, naamlik dat 'n dier redeloos is. Daar kan dus aanvaar word dat Petrus ἄλογα in semantiese veld *Dink* (30) aanwend. Semantiese veld 30 is verbind aan die kenmotief en daar kan daarom aanvaar word dat die kenmotief deur hierdie ἄλογα gedra word.

2.1.2 ἄγνοοῦσιν

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:2) duidelik dat ἄγνοέω in drie semantiese velde gebruik word wat aan die kenmotief gekoppel is naamlik velde *Ken* (28), *Dink* (30) en *Verstaan* (32). Dit

blyk dat Petrus in 2:12 nie met die woord ἀγνοοῦσιν wil duidelik maak dat daar by die leraars inligting ontbreek nie, maar wel dat hulle nie kan verstaan nie. Die woord word dus in 2:12 in semantiese veld 32 aangewend en omdat die veld aan die kenmotief gekoppel is, kom die kenmotief deur die woord ἀγνοοῦσιν na vore.

2.1.3 Ἡγούμενοι

Louw en Nida (1988ii:114) toon aan dat ἡγέομαι in drie semantiese velde gebruik word, te wete 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31), *Lei, Dissiplineer, Volg* (36) en *Beheer, Regeer* (37). Dit is duidelik dat Petrus in 2:13 handel oor die *standpunt* van die valse leraars in verband met weelderigheid wat in die dag bedryf word. Ἡγούμενοι word dus in semantiese veld 31 aangewend, wat aan die kenmotief gekoppel is. Die woord ἡγούμενοι dra dus die kenmotief.

2.1.4 Ἀπάταις

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:24) dat ἀπάτη in slegs een semantiese veld aangewend word, te wete 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31). Veld 31 is aan die kenmotief gekoppel en daar kan aanvaar word dat Petrus die kenmotief deur hierdie woord na vore bring.

2.1.5 Ὀφθαλμούς

Wanneer Petrus in 2:14 stel dat die valse leraars oë vol hoerery het, blyk dit dat hy met die woord ὀφθαλμούς wil duidelik maak dat die mense dinge wat hulle sien, op 'n sekere manier interpreteer. Daar kan dus aanvaar word dat die woord ὀφθαλμούς in die semantiese veld *Verstaan* (32) gebruik word (vergelyk Louw & Nida 1988i:383). Omdat veld 32 aan die kenmotief gekoppel is, dra ὀφθαλμούς in 2:14 dus die kenmotief.

2.1.6 Ἀστηρίκτους

Ἀστηρίκτους word slegs in een semantiese veld aangewend, naamlik die veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* ((31); vergelyk Louw & Nida, 1988ii:37). Semantiese veld 31 is aan die kenmotief verbind en die woord ἀστηρίκτους in 2:14 laat dus die kenmotief figureer.

2.1.7 Καταλείποντες

Καταλείποντες word in ses semantiese velde gebruik (vergelyk Louw & Nida, 1988ii:134) waarvan net een semantiese veld, te wete semantiese veld *Dink* (30) aan die kenmotief gekoppel is. In 2:15 maak Petrus dit vir die lesers duidelik dat die valse leraars die waarhede, waarvoor hy die uitdrukking "regte pad" gebruik, *verlaat het*. Om *die waarheid te verlaat*,

behels 'n bepaalde beslissing wat geneem word en hou as sodanig verband met 'n denkproses. Dit blyk dus dat Petrus καταλείποντες in 2:15 wel in semantiese veld 30 aanwend en daarmee die kenmotief na vore bring.

2.1.8 Ἐπλανήθησαν

Louw en Nida (1988ii:198) toon aan dat πλανῶ in slegs een semantiese veld gebruik word, naamlik semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31). Hierdie veld is gekoppel aan die kenmotief en die woord ἐπλανήθησαν in 2:15 dra dus die kenmotief.

2.1.9 Παραφρονίαν

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:186) dat παραφρονία in slegs een semantiese veld, te wete veld *Dink* (30) gebruik word. Die veld is gekoppel aan die kenmotief en die παραφρονίαν dra dus die kenmotief.

2.1.10 Slotsom

Dit blyk dus dat al die voorgaande woorde die kenmotief laat figureer.

2.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 soos gedra deur die woorde ἄλογα, ἄγνοῦσιν, ἡγούμενοι, ἀπάταις, ὀφθαλμούς, ἀστηρίκτους, καταλείποντες, ἐπλανήθησαν en παραφρονίαν

Om te kan bepaal in watter mate bogenoemde woorde die kenmotief dra, moet die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, gedefinieer word. Die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, word gedoen volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is.

Nadat die betekenis waarvoor bogenoemde woorde gebruik word, gedefinieer is, word die verband tussen hierdie woorde en gedagte-eenheid 2 bestudeer.

2.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor ἄλογα in 2:12 gebruik word

2.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἄλογα in 2:12 gebruik word

In punt 2.1.1 is aangetoon dat ἄλογα in 2:12 in die semantiese veld *Dink* (30) aangewend word. In semantiese veld 30 word die woord in slegs een subdomein gebruik, te wete subdomein *Om te dink, Gedagte* (A). Wanneer die woord in hierdie subdomein aangewend

word, verwys dit na die betekenis *gebrek aan die vermoë om behoorlik te redeneer of te dink* ((30.12); vergelyk Louw & Nida, 1988i:351).

2.2.1.2 Die semantiese veld waarbinne ἄλογα in 2:12 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Dit blyk uit hoofstuk 5 punt 2.4.6.2 waar die semantiese veld *Dink* (30) reeds in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas is, dat die klem in semantiese veld 30 val op die beheer en verwerking van inligting. Die plasing van die semantiese veld waarin ἄλογα gebruik word, toon dus dat die woord verband hou met die beheer en verwerking van inligting.

2.2.1.3 Die subdomein waarbinne ἄλογα in 2:12 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Uit hoofstuk 5 punt 2.4.6.3 blyk dit dat die semantiese veld waarin ἄλογα gebruik word, in die volgende sewe subdomeine verdeel kan word:

- * Om te dink, Gedagte (A)
- * Om oor iets te dink met die bedoeling dat gepas gereageer word (B)
- * Om aangaande toekomstige gebeure te dink (C)
- * Om van voorneme te wees, Te beplan, Te bedoel (D)
- * Om te besluit, Om tot 'n gevolgtrekking te kom (E)
- * Om te kies, Om uit te soek, Om voorkeur te hê vir (F)
- * Om te onderskei, Om te evalueer, Om te oordeel (G)

In hoofstuk 6 punt 2.4.6.3 is die subdomein waarin ἄλογα aangewend word (subdomein A), met die omliggende subdomeine gekontrasteer. Dit blyk uit die kontrastering dat die betekenis in subdomein A in die algemeen oor die hanteer en verwerking van inligting handel.

Die plasing van subdomein A in die geheelkonteks van omliggende subdomeine laat dus blyk dat ἄλογα met die algemene hantering en verwerking van inligting te doen het.

2.2.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἄλογα in 2:12 gebruik word

Soos in hoofstuk 6 punt 2.4.6.4 aangetoon is, kom daar in die subdomein *Om te dink, Gedagte* (A) agt en dertig betekenis voor. Wanneer die betekenis waarvoor ἄλογα aangewend word (30.12), met die ander betekenis gekontrasteer word, blyk dit dat betekenis

30.12 nie soos 30.1-30.4 en 30.7 die wyse waarop gedink word, beklemtoon nie. Die betekeniskomponent *om foutiewelik te dink* ontvang ook nie soos in betekenis 30.11 klem nie en ook nie die betekeniskomponent *om volgens die verkeerde veronderstelling te redeneer* soos in betekenis 30.13 en 30.14 nie. Dit blyk dat, anders as by die ander betekenis in subdomein A, die betekeniskomponent *vermoë om reg te redeneer*, sterk in betekenis 30.12 figureer. ἄλογα verwys spesifiek na die *gebrek* aan vermoë om te redeneer.

2.2.1.5 Die betekenis waarvoor die woord ἄλογα in 2:12 gebruik word

Uit bostaande is dit duidelik dat die betekenis waarvoor die woord ἄλογα gebruik word, verband hou met die beheer en verwerking van inligting in die algemeen en die klem val spesifiek op die onvermoë om te redeneer.

Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan in Afrikaans met *redeloos* weergegee word.

2.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word

2.2.2.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word

In punt 2.1.2 is aangetoon dat ἀγνοοῦσιν in 2:12 in die semantiese veld *Verstaan* (32) aangewend word. Dit word uit Louw en Nida (1988i:381) duidelik dat ἀγνοοῦσιν in semantiese veld 32 slegs in subdomein *Verstaan* (A) aangewend word en wel vir die betekenis *om nie te verstaan nie, met die implikasie van 'n gebrek aan die vermoë om te verstaan* (32.7).

2.2.2.2 Die semantiese veld waarbinne ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 5 punt 2.2.3.2 is semantiese veld 32 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Dit het geblyk dat die betekenis in semantiese veld 32 die klem laat val op die proses waardeur inligting gebruik word om tot 'n korrekte samestelling of evaluering te kom.

Dit blyk dus dat die betekenis waarvoor ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word, verband hou met die proses waardeur inligting gebruik word om tot die korrekte samestelling te kom.

2.2.2.3 Die subdomein waarbinne ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Die volgende subdomeine kom in semantiese veld *Verstaan* (32) voor (Louw en Nida, 1988i:380):

- * Verstaan (A).
- * Tot begrip kom (B).
- * Maklik of swaar van begrip (C).
- * Vermoë om te verstaan (D).
- * Gebrek aan vermoë om te verstaan (E).

Wanneer subdomeine A, waarin ἀγνοοῦσιν aangewend word, met die bogenoemde subdomeine gekontrasteer word, blyk dit dat subdomein A meer in die algemeen oor die samestelling en evaluering van inligting handel as die ander subdomeine. Dit laat nie soos subdomein D en E die klem val op die vermoë om te verstaan nie en ook nie soos subdomein B op die proses om tot begrip te kom nie.

Die plasing van subdomein A in die geheelkonteks van ander subdomeine toon dus dat ἀγνοοῦσιν in 2:13 met die samestelling en evaluering van inligting in die algemeen te doen het.

2.2.2.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word

Die betekenis waarvoor ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word, plaas nie, soos betekenis 32.2, 32.3, 32.5 klem op die wyse waarop tot verstaan en begrip gekom word nie, en handel nie, soos betekenis 32.6, 32.8, oor die inhoud van dit wat verstaan word nie. Betekenis 32.7 handel oor die feit dat nie verstaan word nie. Die feit dat nie verstaan word nie, hou egter in dat daar 'n *onvermoë* is om te verstaan (vergelyk Louw & Nida, 1988i:380-381).

2.2.2.5 Die betekenis waarvoor die woord ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word

Uit punt 3.2.2.1-3.2.2.4 blyk dit dat die betekenis waarvoor ἀγνοοῦσιν gebruik word die feit beklemtoon dat inligting nie begryp en geëvalueer kan word nie. Hierdie betekenis impliseer 'n *onvermoë* om inligting te begryp en te evaluëer..

2.2.3 Definiëring van die betekenis waarvoor ἡγούμενοι in 2:13 gebruik word

2.2.3.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἡγούμενοι in 2:13 gebruik word

In punt 2.1.3 is aangetoon dat ἡγέομαι in 2:13 in semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) gebruik word. In hierdie semantiese veld, toon Louw en Nida (1988i:366) aan, word die woord gebruik in een subdomein, te wete 'n *Mening hê, 'n Perspektief hê* (A) vir die betekenis *om 'n perspektief te hê op iets of 'n mening te huldig in verband met iets* (31.1)

2.2.3.2 Die semantiese veld waarbinne ἡγούμενοι in 2:13 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 4 punt 3.2.1.2 is die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31), waarin ἡγούμενοι in 2:13 aangewend word, in die geheelkonteks van ander semantiese velde geplaas. Hierdie plasing dui aan dat die betekenis waarvoor ἡγούμενοι in 2:13 gebruik word, veronderstel dat die verwerking van inligting reeds afgehandel is en tot 'n besluit gekom is.

2.2.3.3 Die subdomein waarbinne ἡγούμενοι in 2:13 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Wanneer subdomein 'n *Mening hê, 'n Perspektief hê* (A) gekontrasteer word met ander subdomeine in semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31), blyk dit dat dit die meer algemene betekenis in hierdie semantiese veld omvat. In Subdomein A val die klem op die feit dat 'n perspektief gehandhaaf word of 'n mening gehuldig word.

ἡγούμενοι in 2:13 hou dus verband met die feit dat 'n perspektief gehandhaaf word of 'n mening gehuldig word.

2.2.3.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἡγούμαι in 2:13 gebruik word

Binne die subdomein waarin ἡγούμενοι gebruik word, kom daar sewe betekenis voor ((31.1-31.7); vergelyk Louw en Nida, 1988i:366). Wanneer betekenis 31.1, waarvoor ἡγούμενοι gebruik word, met die ander betekenis gekontrasteer word, is dit duidelik dat dit die mees algemene betekenis in subdomein A is.

Subdomein A verwys slegs na 'n perspektief wat gehandhaaf word of 'n mening wat gehuldig word, sonder dat, soos in betekenis 31.2, die basis waarop die mening of perspektief gefundeer is, gestel word.

Dit is uit die kontrastering van betekenis 31.1 met ander betekenis duidelik dat betekenis 31.1 net die feit stel dat 'n perspektief gehandhaaf word of 'n mening gehuldig word.

2.2.3.5 Die betekenis waarvoor die woord ἡγούμενοι in 2:13 gebruik word

Daar kan uit die voorafgaande studie afgelei word dat ἡγούμενοι verband hou met inligting wat reeds verwerk is en waaroor daar tot 'n standpunt gekom is. Die betekenis waarvoor ἡγούμενοι gebruik word, beklemtoon in die algemeen die feit dat 'n perspektief gehandhaaf word of 'n mening gehuldig word.

2.2.4 Definiëring van die betekenis waarvoor ἀπάταις in 2:13 gebruik word

2.2.4.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἀπάταις in 2:13 gebruik word

Dit blyk uit punt 2.1.4 dat Petrus ἀπάταις in 2:13 gebruik in semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31). Uit Louw en Nida (1988i:367) is dit duidelik dat ἀπάτη in semantiese veld 31 in slegs een subdomein, te wete die subdomein *Om 'n verkeerde perspektief te hê, Misreken* (B) gebruik word, vir die betekenis *om te veroorsaak dat iemand foutiewe perspektiewe op die waarheid het*.

2.2.4.2 Die semantiese veld waarbinne ἀπάταις in 2:13 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31), waarin Petrus ἀπάταις in 2:13 aanwend, is in hoofstuk 4 punt 3.2.1.2 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Dit is uit hierdie plasing in die geheelkonteks duidelik dat die betekenis waarvoor ἀπάταις gebruik word, te doen het met inligting wat verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is.

2.2.4.3 Die subdomein waarbinne ἀπάταις in 2:13 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Dit is uit Louw en Nida (1988i:365) duidelik dat semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) in tien subdomeine verdeel kan word. Subdomein B, waarin ἀπάταις deur Petrus in 2:13 gebruik word, verskil van die omliggende subdomeine daarin dat daar volgens die betekenis in subdomein B 'n beoordeling gedoen word van die perspektief wat iemand het. Subdomein B hou, anders as die ander subdomeine, met verkeerde perspektiewe verband.

Uit die plasing van subdomein B in die geheelkonteks van ander subdomeine, blyk dit dat ἀπάταις 'n verkeerde perspektief impliseer.

2.2.4.4 Kontrastering van die verskillende betekenisse binne die subdomein waarbinne ἀπάταις in 2:13 gebruik word

In die subdomein *Om 'n verkeerde perspektief te hê, Misreken* (B) kom ses betekenisse voor ((31.8-31.13); vergelyk Louw & Nida, 1988i:366-7). Wanneer die betekenis waarvoor ἀπάταις in 2:13 gebruik word (31.12), met die ander betekenisse gekontrasteer word, is dit duidelik dat betekenis 31.12 saam met betekenisse 31.8-31.9 en 31.11 die betekeniskomponent *om te veroorsaak* bevat. Die inhoud van dit wat volgens 31.13 veroorsaak word, verskil egter van die inhoud van dit wat volgens betekenis 31.8-31.9 en 31.11 veroorsaak word. Volgens betekenis 31.12 word veroorsaak dat iemand verkeerde perspektiewe op die waarheid het.

2.2.4.5 Die betekenis waarvoor die woord ἀπάταις in 2:13 gebruik word

Die voorgaande studie toon dat ἀπάταις in 2:13 dui op inligting wat verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. Ἀπάταις hou verband met 'n perspektief wat negatief beoordeel word. Die betekeniskomponent *veroorzaak dat iets gebeur*, figureer in die gebruik van die woord. Die klem val daarop dat veroorsaak word dat iemand *verkeerde perspektiewe op die waarheid het*.

Die betekenis waarvoor hierdie woord gebruik word, kan in Afrikaans met *mislei* weergegee word.

2.2.5 Definiëring van die betekenis waarvoor ὁφθαλμούς in 2:14 gebruik word

2.2.5.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ὁφθαλμούς in 2:14 gebruik word

Daar is aangetoon dat ὁφθαλμούς in 2:14 in die semantiese veld *Verstaan* (32) aangewend word. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:383) dat ὁφθαλμούς in een subdomein in semantiese veld 32 aangewend word, te wete die subdomein *Vermoë om te verstaan* (D) en dat die woord gebruik word vir die betekenis *vermoë om te verstaan as gevolg van waarneming* (31.24).

2.2.5.2 Die semantiese veld waarbinne ὁφθαλμούς in 2:14 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Daar is in hoofstuk 5 punt 2.2.3.2 aangetoon dat, wanneer semantiese veld 32 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas word, dit blyk dat die betekenisse in semantiese veld 32 handel oor die proses waardeur inligting verwerk word en tot korrekte begrip gekom word.

Daar kan dus afgelei word dat die betekenis waarvoor ὁφθαλμούς in 2:13 gebruik word, die proses impliseer waardeur inligting gebruik word om tot die korrekte begrip te kom.

2.2.5.3 Die subdomein waarbinne ὁφθαλμούς in 2:14 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Daar is in hoofstuk 5 punt 2.2.3.1 aangetoon dat die volgende subdomeine in semantiese veld 32 voorkom:

- * Verstaan (A).
- * Tot begrip kom (B).
- * Vlug of swaar van begrip (C).
- * Vermoë om te verstaan (D).
- * Gebrek aan vermoë om te verstaan (E).

Subdomein D, waarbinne ὁφθαλμούς aangewend word, handel soos subdomein E, en anders as subdomein A, B en C, oor die vermoë om inligting te kan begryp en evalueer. Terwyl subdomein E egter oor die *gebrek* aan vermoë handel, word in subdomein D beklemtoon dat daar oor die vermoë beskik word.

Die plasing van subdomein D in die geheelkonteks van omliggende subdomeine, toon dus dat ὁφθαλμούς verwys na die vermoë om inligting te kan begryp en te evalueer.

2.2.5.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ὁφθαλμούς in 2:14 gebruik word

In die subdomein *Vermoë om te verstaan* (D) waarin Petrus die woord ὁφθαλμούς aanwend, toon Louw en Nida (1988i:383) aan, dat daar agtien betekenisse voorkom (32.24-32.41). Dit blyk dat die betekenis waarvoor ὁφθαλμούς in 2:13 gebruik word (31.24), soos die ander betekenis, verband hou met die vermoë om te verstaan. Betekenis 32.24 het egter een unieke betekenis-komponent, te wete *die vermoë om te verstaan as gevolg van waarneming*.

2.2.5.5 Die betekenis waarvoor die woord ὁφθαλμούς in 2:14 gebruik word

Die voorafgaande studie toon dat die woord ὁφθαλμούς in 2:13 slaan op 'n proses waardeur inligting verwerk en tot 'n korrekte begrip gekom word. Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, lê die klem op die vermoë om inligting te kan verwerk en evalueer. Hierdie vermoë is die gevolg van waarneming.

Die betekenis waarvoor dié woord gebruik word kan in Afrikaans met *begrip* weergegee word.

2.2.6 Definiëring van die betekenis waarvoor ἀσθηρίκτους in 2:14 gebruik word

2.2.6.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἀσθηρίκτους in 2:14 gebruik word

Ἀσθηρίκτους word in 2:14 aangewend in die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* ((31); vergelyk punt 2.1.6). In hierdie veld word die woord in slegs een subdomein gebruik, naamlik die subdomein *Verander 'n standpunt met betrekking tot die waarheid* (H) gebruik (Louw & Nida, 1988i:373-376). Wanneer die woord in hierdie subdomein gebruik word, verwys dit na *die tendens om tussen standpunte en perspektiewe te wissel en dus onstabiel te wees* (vergelyk betekenis 31.79 in Louw & Nida, 1988i:376).

2.2.6.2 Die semantiese veld waarbinne ἀσθηρίκτους in 2:14 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Dit blyk uit hoofstuk 4 punt 3.2.1.3 dat die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31), wanneer dit met die omliggende velde gekontrasteer word, se uniekheid daarin geleë is dat dit veronderstel dat inligting verwerk is en dat reeds tot 'n besluit gekom is.

Ἀσθηρίκτους, wat in semantiese veld 31 aangewend word, sal daarom verband hou met inligting wat verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is.

2.2.6.3 Die subdomein waarbinne ἀσθηρίκτους in 2:14 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Dit is uit Louw en Nida (1988i:365) duidelik dat semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) in tien subdomeine verdeel kan word (A-J). Die subdomein waarin ἀσθηρίκτους in 2:13 aangewend word, te wete *'n Standpunt verander met betrekking tot die waarheid* (H), staan, in kontras met die subdomeine *Glo iets is waar* (F) en *Aanvaar dat iets waar is* (G). Die klem val in subdomein H, anders as in die ander subdomeine in semantiese veld 31, op die komponent *verandering van standpunt*. Die verandering van standpunt het betrekking op die waarheid.

2.2.6.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἀσθηρίκτους in 2:14 gebruik word

Binne die subdomein *Verander 'n standpunt met betrekking tot die waarheid* (H), toon Louw en Nida (1988i:373-376) aan dat vier en twintig betekenis voorkom (31.58-31.81). Die

betekenis waarvoor ἀσθηρίκτους gebruik word (31.79), verskil van betekenis 31.61, 31.70-31.76 deurdat betekenis 31.79 nie die betekenis-komponent *om te veroorsaak dat iets plaasvind* omvat nie. Betekenis 31.79 hou wel, soos die ander betekenis in subdomein H verband met die verandering van standpunte, maar die verandering wat by betekenis 31.79 ter sprake is, hou nie alreeds finaliteit in nie: daar is nog 'n element van onsekerheid en huiwering. In hierdie opsig vorm betekenis 31.79 'n sterk kontras met betekenis 31.80-31.81 waar die betekenis-komponent *standvastigheid in standpunte* sterk na vore tree.

2.2.6.5 Die betekenis waarvoor die woord ἀσθηρίκτους in 2:14 gebruik word

Ἀσθηρίκτους in 2:14 hou volgens dit wat in die voorafgaande studie aangetoon is, verband met inligting wat reeds verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. Die betekenis waarvoor die woord ἀσθηρίκτους gebruik word, handel oor die verandering van standpunt met betrekking tot die waarheid. Hierdie woord impliseer 'n onsekerheid en huiwering in standpunte oor die waarheid - standpunte waarin nog nie finaal tot 'n besluit gekom is nie.

Die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, kan in Afrikaans met *onstabiel* weergegee word.

2.2.7 Definiëring van die betekenis waarvoor καταλείποντες in 2:15 gebruik word

2.2.7.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor καταλείποντες in 2:15 gebruik word

In punt 2.1.7 is aangetoon dat Petrus καταλείποντες in 2:15 in die semantiese veld *Dink* (30) aanwend. In semantiese veld 30 word καταλείπω in slegs een subdomein gebruik, te wete die domein *Om oor iets te dink met die bedoeling dat gepas gereageer word* (B) en in hierdie subdomein word dit vir een betekenis gebruik, te wete *om jou besorgdheid vir iets te laat vaar of dit te verwaarloos* ((30.51); vergelyk Louw en Nida, 1988i:356).

2.2.7.2 Die semantiese veld waarbinne καταλείποντες in 2:15 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 5 punt 2.4.6.2 is die semantiese veld *Dink* (30) in die geheelkonteks van ander semantiese velde geplaas. Die plasing van hierdie semantiese veld in die geheelkonteks van ander velde toon dat daar in hierdie veld klem gelê word op die beheer en verwerking van inligting.

Daaruit kan afgelei word dat καταλείποντες met die beheer en verwerking van inligting te doen het.

2.2.7.3 Die subdomein waarbinne καταλείποντες in 2:15 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Dit blyk uit hoofstuk 5 punt 2.4.6.3 dat die semantiese veld *Dink* (30) waar binne καταλείποντες aangewend word, in die volgende subdomeine verdeel kan word:

- * Om te dink, Gedagte (A).
- * Om oor iets te dink met die bedoeling dat gepas gereageer word (B).
- * Om aangaande toekomstige gebeure te dink (C).
- * Om van voorneme te wees, Te beplan, Te bedoel (D).
- * Om te besluit, Om tot 'n gevolgtrekking te kom (E).
- * Om te kies, Om uit te soek, Om voorkeur te hê vir (F).
- * Om te onderskei, Om te evalueer, Om te oordeel (G).

Wanneer subdomein B met die ander subdomeine in semantiese veld 30 gekontrasteer word, blyk dit dat subdomein B, anders as die ander subdomeine, dui op 'n geïmpliseerde doel in die beheer en verwerking van inligting: die inligting word verwerk met die doel om gepas te reageer.

Dit blyk dus dat καταλείποντες in 2:14 verband hou met 'n geïmpliseerde gepaste optrede.

2.2.7.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne καταλείποντες in 2:15 gebruik word

Wanneer die betekenis waarvoor καταλείποντες in 2:14 gebruik word (30.51), gekontrasteer word met die ander betekenis in subdomein *Om oor iets te dink met die bedoeling dat gepas gereageer word* (B), blyk dit dat betekenis 30.51 klem op twee betekenis-komponente laat val, te wete *die laat vaar of verwaarloos van iets* en die *besorgdheid oor iets*. In betekenis 30.51 is die betekenis-komponent *gepaste optrede* nie op die voorgrond soos in betekenis 30.39, 30.42, 30.45-20.48, 30.50 nie.

2.2.7.5 Die betekenis waarvoor die woord καταλείποντες in 2:15 gebruik word

Daar kan uit die voorafgaande studie afgelei word dat καταλείποντες in 2:14 te doen het met die beheer en verwerking van inligting. Hoewel nie baie spesifiek belig nie, hou καταλείποντες verband met 'n doel om gepas op te tree. Die beheer en verwerking van

inligting waarna καταλείποντες in 2:14 verwys, het spesifiek betrekking op die laat vaar of verwaarlosing van die besorgdheid oor iets.

Die betekenis waarvoor καταλείποντες in 2:14 gebruik word, kan in Afrikaans met *laat vaar* weergegee word.

2.2.8 Definiëring van die betekenis waarvoor ἐπλανήθησαν in 2:15 gebruik word

2.2.8.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἐπλανήθησαν in 2:15 gebruik word

Dit blyk uit punt 2.1.8 dat ἐπλανήθησαν in 2:15 deur Petrus in semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) aangewend word. In semantiese veld 31 word πλανάω in slegs een subdomein gebruik, naamlik die subdomein *'n Verkeerde perspektief hê, misreken* (B) vir die betekenis *om te veroorsaak dat iemand 'n verkeerde perspektief het en hom daarom misreken*.

2.2.8.2 Die semantiese veld waarbinne ἐπλανήθησαν in 2:15 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 4 punt 3.2.1.2 is die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Hierdie plasing in die geheelkonteks toon dat semantiese veld 31, waarin ἐπλανήθησαν aangewend word, veronderstel dat inligting reeds verwerk is en dat tot 'n besluit gekom is. Dit blyk dus dat ἐπλανήθησαν in 2:15 verband hou met inligting wat verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is.

2.2.8.3 Die subdomein waarbinne ἐπλανήθησαν in 2:15 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In punt 2.2.4.3 is die subdomein *Om 'n verkeerde perspektief te hê, Misreken* (B), waarin ἐπλανήθησαν aangewend word, in die geheelkonteks van omliggende subdomeine geplaas. Daaruit blyk dit dat subdomein B van die ander subdomeine in dieselfde veld daarin verskil dat daar volgens die betekenis in subdomein B 'n beoordeling gedoen word van die perspektief wat iemand het. In hierdie subdomein hou die betekenis almal verband met verkeerde perspektiewe.

Daaruit kan afgelei word dat ἐπλανήθησαν in 2:15 met verkeerde perspektiewe verband hou.

2.2.8.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ἐπλανήθησαν in 2:15 gebruik word

Soos in punt 2.2.4.4 aangetoon is, kom daar in subdomein B ses betekenis (31.8-31.13) voor. Betekenis 31.8, waarvoor ἐπλανήθησαν in 2:15 gebruik word, benadruk soos betekenis 31.9-31.12 - die betekenis-komponent *om te veroorsaak dat iets gebeur*. Dit wat volgens hierdie betekenis veroorsaak word, is 'n verkeerde perspektief. In betekenis 31.8 word die gevolg van die verkeerde perspektief verbesonder - die verkeerde perspektief impliseer *dat iemand hom misreken*.

2.2.8.5 Die betekenis waarvoor die woord ἐπλανήθησαν in 2:15 gebruik word

Uit die voorafgaande studie is dit duidelik dat ἐπλανήθησαν verband hou met inligting wat verwerk is en waarom daar tot 'n besluit gekom is. Die betekenis-komponent *om te veroorsaak dat iets gebeur*, staan in hierdie betekenis op die voorgrond. Dit wat veroorsaak word, impliseer egter 'n verkeerde perspektief. In betekenis 31.8 ontvang die gevolg van die verkeerde perspektief ook klem deur die verbesondering dat die verkeerde perspektief impliseer *dat iemand hom misreken*.

Die betekenis waarvoor die woord gebruik word kan in Afrikaans met *misreken* of *verdwaal* weergegee word.

2.2.9 Definiëring van die betekenis waarvoor παραφρονίαν in 2:16 gebruik word

2.2.9.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor παραφρονίαν in 2:16 gebruik word

In punt 2.1.9 is aangetoon dat Petrus παραφρονίαν in semantiese veld *Dink* (30) aanwend. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:353) dat die woord παραφρονία in 2:16 in semantiese veld 30 net in een subdomein, te wete subdomein *Om te dink, Gedagte* (A) aangewend word, vir een betekenis *om op 'n totaal irrasionele wyse te redeneer* (30.24).

2.2.9.2 Die semantiese veld waarbinne παραφρονίαν in 2:16 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Die semantiese veld *Dink* (30), waarin παραφρονίαν in 2:16 gebruik word, is reeds in hoofstuk 5 punt 2.4.6.2 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Uit die plasing van semantiese veld 30 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde is dit duidelik dat παραφρονίαν wat in hierdie veld aangewend word, met die verwerking en beheer van inligting verband hou.

2.2.9.3 Die subdomein waarbinne παραφρονίαν in 2:16 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In hoofstuk 6 punt 4.2.3.3 is die subdomein waarbinne παραφρονίαν in 2:16 gebruik word, in die geheelkonteks van omliggende subdomeine geplaas. Hierdie plasing laat blyk dat παραφρονίαν in 2:16 met die beheer en verwerking van inligting in die algemeen te doen het.

2.2.9.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne παραφρονίαν in 2:16 gebruik word

In hoofstuk 6 punt 4.2.3.4 is aangetoon dat daar in subdomein A, waarin παραφρονίαν in 2:16 aangewend word, agt en dertig betekenisse voorkom. Anders as die betekenisse 30.12, 30.19, 30.22, handel die betekenis waarvoor παραφρονίαν in 2:16 aangewend word (30.24) nie oor die vermoë om te dink of te redeneer nie. Saam met betekenis 30.25-30.27 hou betekenis 30.24 verband met die wyse waarop die gedagtes beheer word. Terwyl betekenis 30.25 egter die klem laat val op die beheer oor die denke en wyse van redeneer, beklemtoon betekenis 30.24 die totaal irrasionele manier van dink of redeneer.

2.2.9.5 Die betekenis waarvoor die woord παραφρονίαν in 2:16 gebruik word

Die betekenis waarvoor παραφρονίαν in 2:16 gebruik word, hou met die beheer en verwerking van inligting verband. Die betekenis laat nie klem val op die vermoë of onvermoë om te redeneer nie, maar op die feit dat op 'n totaal irrasionele wyse geredeneer of gedink word.

2.2.10 Die verband van ἄλογα, ἀγνοῦσιν, ἡγούμενοι, ἀπάταις, ὀφθαλμούς, ἀστηρίκτους, καταλείποντες, ἐπλανήθησαν en παραφρονίαν met gedagte-eenheid 2

2.2.10.1 Ἄλογα en die toekomstige vernietiging van die leraars

Petrus bring in 2:12 die totale vernietiging van die valse leraars met die woord φθοράν ter sprake (vergelyk Louw & Nida 1988i:233). Greijdanus (1929:312) toon aan dat Petrus met die ἐν τῇ φθορᾷ αὐτῶν in 2:12 die valse leraars se "vernielingswerk waardeur zij anderen te gronde richten" aandui. Petrus maak dit dus duidelik dat die leraars wat besig is om andere te vernietig, self vernietig sal word.

In 2:12 word die leraars wat met hulle vernietigingswerk vernietig gaan word, vergelyk met diere wat geen vermoë het om te redeneer nie (vergelyk punt 2.2.1.5 vir die betekenis waarvoor ἄλογα in 2:12 gebruik word). Petrus toon ook in die vergelyking duidelik aan

waarin hulle gebrek om te redeneer, gesetel is. Hy sê dat hulle soos diere gebore is met 'n natuur (γεννηθέντα φυσικά). Die woord φυσικός verwys na dit wat in ooreenstemming met die natuur of met instink is (vergelyk Louw & Nida, 1988i:587). Die valse leraars het dus net soos die diere nie die vermoë om te redeneer nie, maar tree net volgens hulle natuurlike drange op. Petrus gebruik dan 'n aanvaarde feit van sy tyd, naamlik dat sommige diere gebore is om geslag te word (Bauckham, 1983:266). Met hierdie aanvaarde feit maak hy duidelik dat mense wat soos diere redeloos is en op grond van hulle natuurlike drange, bestem is om vernietig te word.

Petrus beklemtoon dus dat die valse leraars, wat in hulle vernietigingwerk vernietig gaan word, soos diere is wat nie kan redeneer nie. Die rede waarom hulle nie kan redeneer nie, is omdat hulle volgens hulle natuurlik drange optree. Omdat hulle nie kan redeneer nie, maar hulle deur hulle drange laat lei, gaan dit ook met hulle soos met diere: hulle is gebore om vernietig te word.

2.2.10.2 Ἀγνοοῦσιν en die lastering deur die valse leraars

In 2:12 word die arrogansie van die valse leraars op die voorgrond gestel. Petrus sê die valse leraars laster (βλασφημοῦντες) dinge wat hulle nie ken (ἀγνοοῦσιν) nie (2:12).

Petrus dui die dinge wat die leraars belaster met die woord ἐν οἷς aan. Daar kan aanvaar word dat ἐν οἷς 'n sametrekking is van πάντα ἐν οἷς of ἐν τοῦτοις ᾗ (Greijdanus, 1929:312). Die vraag is egter wat of wie hierdie objekte van die leraars se lastering in 2:12 is. Bauckham (1983:263) is van mening dat dit, soos in 2:10b, engele is wat belaster word. Petrus het reeds vroeër in die brief laat blyk dat hy 'n sedelose lewe as lastering beskou (vergelyk 2:2 en punt 1.2.2.2.1.6). Hieruit kan afgelei word dat Petrus met ἐν οἷς na verskillende objekte wat deur die leraars belaster word, verwys. Bowendien is die relatiewe voornaamwoord ἐν οἷς manlik/onsydig wat 'n aanduiding is dat dit na alles en almal wat belaster word, verwys.

Wanneer Petrus sê dat die leraars nie verstaan (ἀγνοοῦσιν) wat hulle belaster nie, is dit duidelik dat hy nie maar 'n blote stelling wil maak oor die leraars se vermoë om die sake wat hulle belaster, te verstaan nie. Petrus verskaf die rede waarom die leraars laster: hulle laster omdat hulle die dinge nie verstaan nie en dit ook nie kan verstaan nie (vergelyk punt 2.2.2.5 vir die betekenis waarvoor die woord ἀγνοοῦσιν in 2:12 gebruik word).

Die oorsaak waarom die leraars dinge belaster, is omdat hulle dinge nie verstaan nie en ook nie kan verstaan nie.

2.2.10.3 Ὑγούμενοι en ἀπάταις en die leraars as skandvlekke en smette

Petrus bestempel die valse leraars in 2:13c as skandvlekke (σπίλοι) en smette (μῶμοι). In hoofstuk 3 punt 5.8 is aangetoon dat vers 13 deel vorm van 'n elftal deelwoordfrases wat in 2:13-16 voorkom. Dit blyk dat die deelwoordfrases in vers 13 onderling ook in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan, te wete:

σπίλοι καὶ μῶμοι — $\left\{ \begin{array}{l} \rightarrow \text{ἡδονὴν ἡγούμενοι τὴν ἐν ἡμέρᾳ τρυφῇν} \\ \rightarrow \text{ἐντρυφῶντες ἐν ταῖς ἀπάταις αὐτῶν} \end{array} \right.$

Volgens hierdie skematiese uiteensetting word σπίλοι καὶ μῶμοι (ὄντες) deur die twee deelwoordfrases in 13b en 13d nader bepaal. Die eerste deelwoordfrases (ἡδονὴν ἡγούμενοι τὴν ἐν ἡμέρᾳ τρυφῇν) bepaal σπίλοι καὶ μῶμοι (ὄντες) ten opsigte van rede: die rede waarom die valse leraars skandvlekke is, is omdat hulle weelderigheid oordag as genot beskou. Die tweede deelwoordfrase (ἐντρυφῶντες ἐν ταῖς ἀπάταις αὐτῶν) bepaal σπίλοι καὶ μῶμοι (ὄντες) ten opsigte van omstandighede: die manier waarop hulle hulleself as skandvlekke bewys, is dat hulle weelderig in hulle bedrieëry is. Hierdie omstandighede word nog nader bepaal deur die deelwoord ἀκαταπαύστους wat as deelwoord van bepaling ten opsigte van tyd by ἐντρυφῶντες beskou kan word. Hierdie leraars is dus weelderig wanneer hulle saamsmul.

Knoch (1990:267) toon aan dat dit in die Jodendom en in die Ooste gebruikelik was om in die aande saam te kom vir 'n maaltyd en dat weelderige maaltye in die dag as verkeerd beskou is (kyk ook Pred. 10:16; Jes. 5:1). Wanneer Petrus sê dat die leraars weelderigheid (τρυφήν) in die dag as genot beskou het (ἡγούμενοι), blyk dit dat die leraars egter 'n ander perspektief op sake gehad het (vergelyk punt 2.2.3.5 vir die betekenis waarvoor ἡγούμενοι in 2:13 gebruik word) as die algemene perspektief van mense van daardie tyd. Hulle het weelderigheid in die dag as genot beskou. Die woord τρυφήν verwys na 'n lewe in weelderigheid wat meestal met grootskaalse feesviering, drinkery en swelgpartye gepaard gegaan het (vergelyk Louw & Nida, 1988i:769). Die leraars het dus 'n leefwyse van uitspattige lewensgenot voorgestaan en het dit in die maaltye beoefen.

Hierdie maaltye word meer eksplisiet in die laaste helfte van 2:13 aan die orde gestel wanneer Petrus sê dat die leraars oordadig is in die bedrieëry (ἀπάταις) van hulle, wanneer hulle saamsmul (συνευχόμενοι). Verskeie skrywers (vergelyk Bauckham, 1983:266; Green, 1977:110; Kahmann, 1983:74; Kelly, 1969:341; Knoch, 1990:267, Van Houweling, 1993:69) wys op die moontlikheid dat die woord ἀπάταις implisiete verwysing is na liefdesmaaltye wat in daardie tyd gebruikelik was. Die woord ἀπάταις sou volgens hierdie teorie 'n woordspeling wees op die woord wat normaalweg gebruik is om die liefdesmaaltye aan te dui, te wete ἀγάπαις. Daar is twee argumente wat hierdie teorie ondersteun. Eerstens impliseer die woord συνευχόμενοι, waarmee Petrus die tyd aandui wanneer die leraars bedrieg, dat Petrus na maaltye verwys. Tweedens verwys Judas in sy brief in Judas 12, wat duidelik

ooreenkom met 2:13 en wat as 'n verwerking van 2 Petrus 2:13 beskou kan word (vergelyk hoofstuk 2 punt 5.1), uitdruklik na ἀγάπαις⁵.

Die liefdesmaaltye waaraan die leraars deelneem, is dus nie meer liefdesmaaltye nie, maar ontaard in bedrieëry. Terwyl hierdie maaltye tekens moes wees van die eenheid met die Here en met mekaar (Knoch, 1990:267), ontbreek die kern waarom dit moet gaan, te wete ἀγάπη. Hierdie maaltye word 'n geleentheid waar daar aan 'n drang na uitspattigheid en oordaad uiting gegee word en is daarom nie ἀγάπαις nie, maar is dit wel 'n misleiding - 'n veroorsaking dat 'n verkeerde perspektief op die waarheid nagehou word (vergelyk die betekenis waarvoor ἀπάταις in 2:13, volgens punt 2.2.4.5, gebruik word).

Uit bostaande beredenering is dit duidelik dat die valse leraars se beskouing van genot veroorsaak het dat hulle skandvlekke en smette is. Omdat hulle aan hierdie skeefgetrekte beskouing uiting gegee het tydens die liefdesmaaltye, was die maaltye waaraan hulle deelgeneem het nie liefdesmaaltye nie, maar bedrieërye.

2.2.10.4 Ὀφθαλμούς en die leraars as kinders van die vervloeking

Petrus beskryf die leraars in 2:14 as kinders van die vervloeking (κατάρας τέκνα). In die lig daarvan dat aanvaar is dat Petrus deur die deelwoordfrase ἡδονὴν ἡγούμενοι τροφὴν in 2:13 'n nadere beskrywing gee van σπίλοι καὶ μῶμοι (met die veronderstelde deelwoord ὄντες), blyk dit waarskynlik te wees dat Petrus deur die deelwoord ἔχοντες in 2:14 'n presisering gee van sy beskrywing van die valse leraars κατάρας τέκνα.

Petrus stel dat die leraars "oë vol het van 'n owerspelige vrou". Wanneer die betekenis waarvoor Petrus ὀφθαλμούς gebruik in ag geneem word (vergelyk punt 2.2.5.5), is Petrus se gedagte met hierdie stelling duidelik: wanneer hierdie mense 'n vrou sien, beheer en verwerk hulle die inligting wat hulle deur waarneming verkry op so 'n wyse dat hulle altyd 'n owerspelige vrou sien. Die feit dat hulle vol is daarvan, beteken dat hulle nie op 'n ander manier kán waarneem nie: hulle sien in elke vrou 'n owerspelige vrou.

Dit blyk dat Petrus met ὀφθαλμούς die rede gee waarom die valse leraars kinders van die vervloeking is. Omdat hulle die inligting wat hulle waarneem op hierdie wyse verwerk, is hulle kinders van die vervloeking.

2.2.10.5 Ἀστηρίκτους en die leraars as kinders van die vervloeking

⁵ In 2 Petrus 2:13 kom daar inderdaad ook 'n variante lesing ἀγάπαις voor. Hoewel die lesing nie sterk manuskriptgetuigenis geniet nie, bevestig dit dat daar reeds op 'n vroeë stadium 'n aanvoeling was vir 'n sinspeling op die liefdesmaaltye.

Petrus gee in 2:14 'n tweede rede waarom die valse leraars kinders van die vervloeking is. Hy sê hulle verlei (δεδεάζοντες) mense. Die woord δεδεάζοντες word gebruik vir die betekenis om iemand te verlei om te sondig en bring die gedagte na vore dat die sonde aantreklik voorgestel word (vergelyk Louw & Nida, 1988i:775).

Petrus sê ook watter mense die leraars verlei, te wete onvaste siele (ψυχὰς ἀστηρίκτους). Hulle verlei dus mense wie se standpunte met betrekking tot die waarheid onseker is en mense wat nie tot 'n finale besluit kom en daarby hou nie. Dit is uit 1:12 duidelik watter waarheid ter sprake is. Petrus het in 1:12 duidelik gemaak dat die lesers vasstaan in die evangelie wat die apostels aan hulle verkondig het (vergelyk hoofstuk 6 punt 1.2.3.6). Dit is duidelik dat Petrus na onsekerheid oor hierdie waarheid verwys.

Petrus beklemtoon dus dat die valse leraars hulle slagoffers in hierdie mense se geledere vind en dui dit ook as die rede aan waarom hulle kinders van die vervloeking is.

2.2.10.6 Ἐπλανήθησαν en leraars as kinders van die oordeel

Fornberg (1977:101-2) toon aan dat die woorde κατάρας τέκνα in 2:14 aan die voorgaande verse verbind is, maar ook as inleiding dien vir dit wat Petrus in 2:15 stel.

Petrus gee in 2:15 'n rede aan waarom die valse leraars kinders van die vervloeking is: hulle is verdwaald; hulle het tot 'n verkeerde perspektief gekom (vergelyk die betekenis waarvoor die woord ἐπλανήθησαν in 2:15 gebruik word).

Petrus toon met die deelwoordfrase καταλείποντες εὐθεῖαν ὁδὸν die rede aan waarom die leraars tot die verkeerde perspektief gekom het: hulle het die regte weg verlaat.

Die ooreenkoms tussen 2 Petrus 2:13-14 en Deuternomium 11 is baie opvallend. In Deuternomium 11 word die volk Israel voor die vloek (die Septuaginta gebruik κατάραν) van God gestel as hulle nie luister na die gebooie van God nie en wegdwaal (ἐπλανηθήτε) van die weg (ἀπὸ τῆς ὁδοῦ) wat God hulle beveel het.

Dit blyk duidelik dat die skrywer deur hierdie verwysing na Deuternomium 11 'n duidelike verband lê tussen die leraars en die volk Israel. Die vloek van God wat reeds lankal aangekondig is oor mense wat wegdwaal van die regte pad, het oor die valse leraars gekom. Die valse leraars volg die voetspore van die Israeliete wat onder God se vloek gekom het en is daarom self kinders van die vervloeking.

Die feit dat Petrus in 2:13-14 na Deuternomium 11:13-14 verwys, werp ook lig op die "regte weg" (εὐθεῖαν ὁδὸν) wat in 2:15 ter sprake kom. In Deuternomium 11:28 word gesê dat dit

die weg is wat God beveel het. In die eerste persoon word in Deuternomium 11:28 verwys na die "weg wat *ek* julle beveel" (τῆς ὁδοῦ ἧς ἐνετειλάμην ὑμῖν).

Wanneer Petrus dan na die "regte" (εὐθεῖαν) weg verwys, is dit 'n duidelike sinspeling daarop dat die weg wat die leraars verlaat het, net soos in Deuternomium 11, 'n weg is wat God beveel het. Wanneer in ag geneem word dat Petrus in 1:16-18 uitdruklik aangetoon het dat dit wat die apostels aan die lesers bekend gemaak het in sake die kragtige wederkoms van Jesus Christus, op getuienis rus wat God self bekend gemaak het, is Petrus se bedoeling duidelik. Die valse leraars loën die boodskap van die magtige koms van Jesus Christus, 'n boodskap wat deur God bevestig is; daarom het hulle onder God se oordeel gekom.

Petrus beklemtoon dus dat die leraars kinders van die toorn is, omdat hulle tot 'n verkeerde perspektief gekom het. Op grond van hulle verkeerde perspektief het hulle die vloek van God wat lankal aangekondig is, oor hulle gehaal. Hulle het tot die verkeerde perspektief gekom deurdat hulle die boodskap van Jesus Christus se magtige koms die rug toegekeer het.

2.2.10.7 Παράφρονιαν en die bestraffing van Bileam

Nadat Petrus in 2:15 gestel het dat die valse leraars die regte pad verlaat het, hou hy aan die lesers 'n voorbeeld uit die geskiedenis voor van iemand wat ook die regte pad verlaat het: Bileam wat die weg van ongeregtheid gevolg het (vergelyk ook hoofstuk 2 punt 5.8)

Petrus verwys in 2:15 na enkele momente van die geskiedenis van Bileam, soos dit opgeteken is in Deuternomium 22-24⁶. Ten einde die verband tussen παράφρονιαν en die bestraffing van Bileam te bepaal, moet kortliks aandag gegee word aan hierdie momente uit die geskiedenis van Bileam.

Die waarsêersloon, wat volgens Numeri 22:7,17 aan Bileam beloof is, word deur Petrus as die loon van ongeregtheid bestempel. Uit Numeri 22:6-7, 17 is dit duidelik dat Petrus dit so noem, omdat hierdie loon aan Bileam aangebied is om ongeregtheid te doen. Bileam moes in ruil vir die loon God se volk vervloek.

Al sê Bileam volgens Numeri 22:18 en 24:13 uitdruklik dat hy niks mag doen wat God nie beveel nie, stel Petrus dat hy tog hierdie loon wat aan hom beloof is, liefgehad het.

⁶ Van Houweling (1988:190) toon oortuigend aan dat Petrus na Deuternomium 22-24 verwys en nie na die Joodse tradisie soos Kelly (1969:343) beweer nie.

Wanneer Petrus in 2:16 van die oortreding (παράνομίας) van Bileam praat, is dit duidelik dat hy na die feit verwys dat Bileam, nadat Balak 'n tweede keer vorste na hom gestuur het, saam met die vorste vertrek het. Hierdie vorste moes aan Bileam die belofte oordra dat hy hoog vereer sou word as hy die volk sou vervloek (Numeri 22:15-22). Dat Bileam 'n oortreding begaan het toe hy saam met die vorste vertrek het, blyk uit die feit dat God se toorn volgens Numeri 22:22 teen hom ontvlam het nadat hulle vertrek het. Bileam het dus volgens Petrus oortree deurdát hy, in sy liefde vir die loon wat hom aangebied is, begeer het om God se volk te vervloek.

Die skrywer benadruk dit egter vir die lesers dat Bileam nie ongestraf kon voortgaan met dit wat hy in sy hebsug wou doen nie. Hy sê Bileam het bestraffing (ἐλεγχιν) ontvang vir sy eie oortreding. Hierdie bestraffing word in die laaste helfte van 2:16 nader beskryf. Sy bestraffing het daarin bestaan dat hy verhinder is deur 'n stom lasdier, wat met 'n mens se stem gepraat het. Dit is opmerklik dat Petrus nie vermeld dat dit die Engel van die Here is wat Bileam bestraf het nie (vergelyk Numeri 22:23-35), maar dat hy die bestraffing, wat in die optrede van die donkie wat Bileam se pad versper het en met 'n mens se stem gepraat het, uitlig. Dit blyk dat Petrus wil beklemtoon dat Bileam nie die insig gehad het wat die lasdier gehad het nie: die dier het besef dat die weg wat Bileam bewandel, deur God versper word. Hierdie insig het Bileam egter nie gehad nie. Hierdie interpretasie word bevestig deur die feit dat Petrus in 2:12 ook die valse leraars met redelose diere vergelyk. Die valse leraars het soos redelose diere opgetree. Bileam wou egter 'n pad bewandel waarvan 'n dier 'n besef het dat dit nie bewandel kan word nie.

Op grond van die voorafgaande beredenering word dit duidelik wat Petrus bedoel wanneer hy in 2:16 na die παραφρονίαν van Bileam verwys. Bileam het heeltemal *irrasioneel* geredeneer (vergelyk die betekenis waarvoor die woord παραφρονίαν gebruik word, soos in punt 2.2.9.5 aangetoon) toe hy gedink het dat hy teen God se wil in sou kon voortgaan om te doen wat hy begeer het. Die vergelyking kry verder trefkrag wanneer Petrus Bileam 'n profeet noem - 'n beskrywing wat nêrens in die Skrif en, volgens Bauckham (1983:269), ook nie in nie-Bybelse literatuur aan hom gegee is nie. Hy wat 'n profeet is, wat daarom die insig behoort te hê dat God nie sou toelaat dat met die ongeregtigheid voortgegaan word nie, het minder insig in die dinge gehad as die lasdier.

Die verband tussen Bileam en die valse leraars word sterk in 2:15-16 beklemtoon. Eerstens beklemtoon Petrus dit deur te sê dat die leraars dieselfde weg as Bileam volg en tweedens deurdát Petrus Bileam 'n profeet noem. Hy het reeds in 2:2 aangetoon dat die leraars in dieselfde tradisie as die valse profete van die Ou Testament staan (vergelyk punt 1.2.2.2.1.2). Wanneer hy Bileam in 2:16 'n profeet noem, toon hy aan dat die valse leraars ook in die tradisie van hierdie profeet staan: soos Bileam, is hulle ook irrasioneel as hulle dink dat hulle onbeperk met hulle oortreding kan voortgaan. Dit is duidelik dat Petrus met hierdie gedagte

aansluit by dit wat hy reeds in 2:9 beklemtoon het: God onthou om die onregverdiges te oordeel. Wie dink dat God nie bewaar vir die oordeel nie, is irrasioneel. So 'n persoon het minder insig as die lasdier van Bileam.

3. Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 (2:17-22)

Daar word eerstens vasgestel watter woord/e in gedagte-eenheid 2 die kenmotief dra en daarna word aandag gegee aan die plek van die kenmotief in gedagte-eenheid 2, soos dit deur hierdie woord/e gedra word.

3.1 Die voorkoms van woorde waardeur die kenmotief in gedagte-eenheid 3 na vore tree

Daar is in hoofstuk 3 punt 7.5.3 aangedui dat die skrywer die volgende woorde gebruik wat moontlik die kenmotief dra.

- * Πλάνη (2:18).
- * Ἐπιγνώσει (2:20).
- * Γήγονεν (2:20).
- * Ἐπεγνωκέναι (2:21).
- * Ἐπιγνοῦσιν (2:21).
- * Ὑποστρέψαι (2:21).

Daar word nou verder ondersoek ingestel om te bepaal of Petrus deur hierdie woorde te gebruik die kenmotief na vore bring.

3.1.1 Πλάνη

Dit is duidelik uit Louw en Nida (1988ii:198) dat *πλάνη* in sowel die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) as die semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* (88) gebruik word. Dit blyk dat Petrus in 2:17-19 handel oor mense wat nouliks ontsnap het van die invloed van 'n groep mense met 'n spesifieke leefwyse (*ἀναστρεφόμενους*). Hierdie leefwyse word met die woord *πλάνη* beskryf. In die lig daarvan dat Petrus uitdruklik vermeld dat die mense wat verlok word, spesifiek verlok word deur die begeerlikhede van die vlees (*ἐν ἐπιθυμίαις σαρκός*) en die ongebondenhede (*ἀσελγείαις*), maak dit duidelik dat *πλάνη* in semantiese veld 88 gebruik word. Die groep mense uit wie se geledere ontvlug is, was mense wie se lewe verskil het van dit wat moreel korrek was (vergelyk Louw & Nida, 1988i:770). Petrus maak dit dus duidelik dat die mense wat ontvlug het van mense met immorele leefwyse, weer deur begeerlikhede en ongebondenhede teruggevoer word na hulle ou leefwyse. Dit blyk dus dat Petrus *πλάνη* in

semantiese veld 88 gebruik. Veld 88 is nie aan die kenmotief gekoppel nie (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en πλάνη dra dus nie die kenmotief nie.

3.1.2 Ἐπιγνώσει

Petrus het die kennis van Jesus in 1:1 (ἐπιγνώσει... Ἰησοῦ τοῦ κυρίου) en in 1:8 (Ἰησοῦ Χριστοῦ ἐπίγνωσιν) ter sprake gebring. Daaruit kan afgelei word dat hy na dieselfde kennis verwys wanneer hy in 2:20 praat van die kennis van die Here en Verlosser Jesus Christus. Petrus wend dus hierdie woord in 2:20 in semantiese veld 28 aan, vir dieselfde betekenis as waarvoor hy ἐπιγνώσει in 1:1 en ἐπίγνωσιν in 1:8 aangewend het. Dit blyk dus dat, soos in 1:2 en 1:8, hy deur die gebruik van ἐπιγνώσει die kenmotief na vore bring.

3.1.3 Γίγονεν

Γίνομαι word in verskeie semantiese velde aangewend (Louw & Nida, 1988ii:51), waarvan een veld - die semantiese veld *Dink* (30) - aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:51) duidelik dat γίνομαι, wanneer dit in semantiese veld 30 aangewend word, deel is van 'n idiomatiese uitdrukking. Petrus wend γέγονεν in 2:20 klaarblyklik nie as deel van 'n idiomatiese uitdrukking aan nie en daar kan dus aanvaar word dat γέγονεν in 2:20 nie die kenmotief na vore bring nie.

3.1.4 Ἐπεγνώκέναι

Dit blyk uit Louw en Nida (1988ii:98) dat ἐπιγνώσκω in die volgende vier semantiese velde gebruik word:

- * Leer (27).
- * Ken (28).
- * 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31).
- * Verstaan (32).

Die feit dat Petrus die *weg van geregtigheid* as die objek stel van ἐπεγνώκέναι, dui aan in watter veld Petrus waarskynlik die woord gebruik. Daar word later in die studie aangedui (vergelyk punt 3.2.5.4) dat Petrus met die *weg van geregtigheid* na 'n leefwyse verwys waarin volgens God se wil gehandel word. Daaruit kan afgelei word dat Petrus die woord in semantiese veld 28 gebruik vir die betekenis *om in 'n mindere of meerdere mate noukeurige inligting te besit, moontlik met 'n mate van diepgang of bedrewenheid* ((28.2); vergelyk hoofstuk 4 punt 5.2.1.5).

Semantiese veld 28 is, soos in hoofstuk 1 punt 5 aangetoon is, aan die kenmotief gekoppel en ἐπεγνωκέναι dra dus die kenmotief.

3.1.5 Ἐπιγνοῦσιν

Nadat Petrus in 2:21 dit ter sprake gebring het dat mense die weg van geregtigheid geken het (ἐπεγνωκέναι), verwys hy direk daarna na mense wat geken het (ἐπιγνοῦσιν). Dit is duidelik dat Petrus ἐπιγνοῦσιν vir dieselfde betekenis aanwend as ἐπεγνωκέναι. Daar kan dus aanvaar word dat ἐπιγνοῦσιν, soos ἐπεγνωκέναι, die kenmotief dra (vergelyk punt 3.1.4).

3.1.6 Ὑποστρέψαι

Dit is uit Louw en Nida (1988ii:254) duidelik dat ὑποστρέφω in die volgende drie semantiese velde aangewend word:

- * Te wees, Word, Bestaan, Gebeur (13)
- * Liniêre beweging (15)
- * 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31)

Wanneer Petrus in 2:21 sê dat die persone ter sprake, teruggedraai het van die oorgelewerde gebod, is dit duidelik dat dit gaan oor 'n verandering van standpunt. Daar kan daarom aanvaar word dat Petrus ὑποστρέψαι in die semantiese veld 31 in subdomein *Verander 'n standpunt met betrekking tot die waarheid* (H) gebruik (vergelyk Louw & Nida, 1988i:374).

Semantiese veld 31 is, soos in hoofstuk 1 punt 5 duidelik gemaak, aan die kenmotief verbind en daar kan dus aanvaar word dat die ὑποστρέψαι die kenmotief dra.

3.1.7 Die slotsom

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat die volgende woorde in gedagte-eenheid 3 die kenmotief dra: ἐπιγνώσει (2:20), ἐπεγνωκέναι (2:21), ἐπιγνοῦσιν (2:21) en ὑποστρέψαι (2:21).

3.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 soos gedra deur die woorde ἐπιγνώσει, ἐπεγνωκέναι, ἐπιγνοῦσιν en ὑποστρέψαι

Ten einde vas te stel in watter mate bogenoemde woorde die kenmotief dra, word die betekenisse waarvoor die woorde gebruik word, gedefinieer. Die betekenis waarvoor die woorde gebruik word, word volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is, gedoen.

Nadat die betekenisse waarvoor bogenoemde woorde gebruik word, gedefinieer is, word die verband tussen hierdie woorde en gedagte-eenheid 3 nagegaan.

3.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor ἐπιγνώσει gebruik word

Daar is in punt 3.1.2 aangetoon dat Petrus ἐπιγνώσει in 2:20 vir dieselfde betekenis aanwend as waarvoor hy dit in 1:2 en 1:8 aangewend het. Daaruit blyk dit dat ἐπιγνώσει in 2:20 veronderstel dat kennis reeds verkry is. Ἐπιγνώσει dui kennis wat in 'n mindere of meerdere mate afgebaken is aan en hierdie kennis veronderstel 'n diepgang.

Die betekenis waarvoor die woord ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word, kan in Afrikaans met *diepgaande kennis* weergegee kan word.

3.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor ἐπεγνώκειν in 2:21 gebruik word

Dit is uit punt 3.1.4 duidelik dat Petrus ἐπεγνώκειν in 2:21 vir betekenis 28.2 aanwend (vergelyk Louw & Nida, 1988i:334). Hierdie betekenis is reeds in hoofstuk 4 punt 5.2.1.5 gedefinieer: dit het geblyk dat die betekenis waarvoor ἐπεγνώκειν aangewend word, veronderstel dat kennis verkry is. Ἐπεγνώκειν dui ook kennis aan wat in 'n mindere of meerdere mate afgebaken is en 'n diepgang veronderstel.

Soos in hoofstuk 4 punt 5.2.1.5 gestel, kan die betekenis waarvoor die woord ἐπεγνώκειν aangewend word, in Afrikaans met *diepgaande kennis* weergegee word.

3.2.3 Definiëring van die betekenis waarvoor ἐπιγνοῦσιν in 2:21 gebruik word

Daar is in punt 3.1.5 aangetoon dat ἐπιγνοῦσιν in 2:21 vir dieselfde betekenis gebruik is as ἐπεγνώκειν in 2:21. Die betekenis waarvoor ἐπιγνοῦσιν aangewend is, veronderstel dus dat kennis verkry is en dui kennis aan wat in 'n mindere of meerdere mate afgebaken is en 'n diepgang veronderstel.

3.2.4 Definiëring van die betekenis waarvoor ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word

3.2.4.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word

In punt 3.1.6 is aangetoon dat ὑποστρέψαι in 2:21 in semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) in subdomein *Verander 'n standpunt met betrekking tot die waarheid* (H) gebruik

word. Dit blyk uit Louw en Nida (1988i:374) dat ὑποστρέψαι gebruik word in subdomein H vir die betekenis *om terug te draai na 'n vorige oortuiging* (31.64).

3.2.4.2 Die semantiese veld waarbinne ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 4 punt 3.2.1.2 is die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Daar kan daaruit afgelei word dat die betekenis waarvoor ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word, verband hou met inligting wat verwerk is en waaroor reeds 'n besluit geneem is.

3.2.4.3 Die subdomein waarbinne ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Uit Louw en Nida (1988i:365-379) blyk dit dat die semantiese veld *'n Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) in 10 subdomeine verdeel kan word (A-J). Subdomein H, waarin Petrus ὑποστρέψαι gebruik, is vroeër in hierdie hoofstuk (punt 2.2.6.3) in die konteks van omliggende subdomeine geplaas. Hierdie plasing laat blyk dat ὑποστρέψαι verband hou met die verandering van standpunt en hierdie verandering het betrekking op die waarheid.

3.2.4.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word

Daar is vroeër in hierdie hoofstuk (punt 2.2.6.4) aangetoon dat daar in subdomein *Verander 'n standpunt met betrekking tot die waarheid* (H) vier en twintig betekenis voorkom.

Betekenis 31.64, waarvoor ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word, beklemtoon, soos die ander betekenis in subdomein H, die verandering van standpunt. In betekenis 31.64 val die klem egter nie, soos in betekenis 31.62-31.63, 31.65-31.68-31.70, 31.73, 31.75, op die standpunt waarvandaan wegbeweeg word nie. Betekenis 31.64 bring, soos betekenis 31.60-31.61, 31.67, 31.71, 31.74-31.77, die standpunt waarnatoe verander word ter sprake. Anders as laasgenoemde betekenis, fokus betekenis 31.64 op die vorige oortuiging as die standpunt waarnatoe verander word.

3.2.4.5 Die betekenis waarvoor die woord ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word

Dit blyk uit punte 3.2.3.1-3.2.3.5 dat ὑποστρέψαι verband hou met inligting wat verwerk is en waaroor reeds 'n besluit geneem is. Ook word die klem geplaas op die verandering van standpunt met betrekking tot die waarheid. Die betekenis fokus op die standpunt waarnatoe verander word te wete 'n vorige oortuiging.

3.2.5 Die verband van ἐπιγνώσει, ἐπεγνώκέναι, ἐπιγνοῦσιν en ὑποστρέψαι met gedagte-eenheid 3

3.2.5.1 Ἐπιγνώσει en ontvlugting van die besmettinge van die wêreld

In 1:4 het Petrus vermeld dat die lesers 'n leefwyse waaruit verdorwenheid blyk, ontvlug het (vergelyk hoofstuk 5 punt 1.2.2.4.5). Petrus stel die handeling van ontvlugting weer in 2:20 aan die orde. Hy handel in 2:20 oor ontvlugting uit die besmettinge van die wêreld (μιάσματα τοῦ κόσμου).

Deur die woord μιάσματα wys die skrywer op 'n toestand van besmetting deur die kwaad (vergelyk Louw & Nida, 1988i:770 vir die betekenis waarvoor μιάσματα in 2:20 gebruik word). Petrus dui die oorsprong van die besmetting aan met die genetief τοῦ κόσμου (Picirilli, 1963:278-9). Die ontvlugting wat in 2:20 vermeld word, is dus 'n ontvlugting van besmetting wat in die wêreld plaasvind.

Die sinskonstruksie in 2:20 is dié van 'n oop voorwaardesin; met ander woorde 'n algemene stelling sonder verwysing na enige persone in besonder. Tog is dit uit die verband duidelik dat Petrus spesifieke mense in die oog het. Bauckham (1983:277), Mounce(1982:135) en Schelkle (1988:217-218) is oortuig dat Petrus in 2:20 na die valse leraars verwys. Dunham (1983:40-51) toon egter oortuigend aan dat die skrywer verwys na die moontlike volgelinge van die valse leraars, wat in 2:18 vermeld word. In 2:18 verwys Petrus na moontlike slagoffers van die valse leraars as mense wat ontvlug het (ἀποφεύγοντας). Hieruit kan afgelei word dat hy met ἀποφυγόντας in 2:20 weer na potensiële slagoffers verwys. Hierdie potensiële slagoffers is diegene wat die besmetting wat in die wêreld plaasvind, ontvlug het.

Dit is opmerklik dat Petrus, soos in 1:4, weer die aoristus deelwoord ἀποφυγόντες gebruik. Dit blyk uit 2:18 dat die moontlike slagoffers van die valse leraars nog maar pas (ὀλίγως) vrygekom het uit 'n heidense leefwyse (Bauckham, 1983:274-275). Daaruit kan afgelei word dat die aoristus deelwoord in 2:20 ook, soos in 1:4, ingressief gebruik word (vergelyk hoofstuk 5 punt 1.2.2.4.5). Die moontlike volgelinge van die valse leraars was mense wat begin het om die besmettinge wat in die wêreld plaasvind, te ontvlug.

Petrus maak dit in 2:20 duidelik hoe die moontlike volgelinge van die valse leraars die besmettinge van die wêreld begin ontvlug het. Deur ἐν saam met die datief ἐπιγνοῦσιν te gebruik, dui Petrus die diepgaande kennis (vergelyk punt 3.2.1 vir die betekenis waarvoor ἐπιγνώσει in 2:20 gebruik word) van Jesus Christus aan as die instrument waarmee die besmettinge van die wêreld ontvlug is.

Dit is dus uit 2:20 duidelik dat die diepgaande kennis van Jesus Christus die instrument is waarmee die besmettinge wat in die wêreld plaasvind, ontvlug kan word.

3.2.5.2 Ἐπιγνοῦσιν en oorwin word (ἡττῶνται)

In 2:20 gebruik Petrus die voorbeeld van mense wat begin het om die besmettinge wat in die wêreld ontstaan, te ontvlug maar daarna weer oorwin word (ἡττῆται). Petrus beklemtoon met die woord ἡττῆται dat iemand onderwerp word.

Die dinge waardeur die mense onderwerp word, word met τούτοις in 2:20 aangedui. Dit blyk dat τούτοις na die besmettinge van die wêreld verwys wat vroeër in die sin genoem is. Die besmettinge, wat hulle aanvanklik ontvlug het, onderwerp hulle dus weer.

Dit blyk dat Petrus met die deelwoord ἐμπλακέντες aandui hoedanige wyse die onderwerping plaasvind: die mense het so verstriek geraak dat hulle ingeperk word (vergelyk Louw & Nida, 1988i:809 vir die betekenis waarvoor ἡττῆται in 2:20 gebruik word).

Daar kan afgelei word dat Petrus in 2:20 'n kontras stel teenoor dit wat hy in 1:5-10 aan die lesers voorgehou het. Hy het in 1:5-10 die lesers aangemoedig om deugde by hulle geloof te voeg. Verder beklemtoon hy dat, indien hierdie deugde in hulle lewe teenwoordig is en toeneem, dit groei in die kennis van Jesus Christus sal bewerkstellig. (vergelyk hoofstuk 5 punt 2.4.7.1). Hierdie kennis van Jesus Christus is juis die kennis wat dien as instrument waardeur hulle die besmettinge van die wêreld ontvlug. Hierteenoor hou hy in 2:20 die voorbeeld aan hulle voor van mense wat verstrengel raak in besmettinge van die wêreld en wat uiteindelik onderwerp word deur die besmettinge van die wêreld.

Petrus waarsku die lesers in 2:20 teen die moontlikheid dat mense wat begin het om deur die diepgaande kennis van Jesus Christus die besmettinge wat in die wêreld ontstaan, te ontvlug, weer deur hierdie besmettinge oorwin kan word. Dit sal gebeur wanneer hulle verstrengel raak in hierdie besmettinge. Implisiet moedig hy die lesers aan om eerder die deugde by hulle lewe te voeg. As die lesers dit doen, sal daar groei in die kennis van Jesus Christus kom - die kennis waardeur hulle die besmettinge van die wêreld sal ontvlug.

3.2.5.3 Ἐπιγνοῦσιν en die gevolge wanneer mense weer deur die besmettinge van die wêreld oorwin word

Petrus spel die gevolge daarvan om weer deur die besmettinge van die wêreld oorwin te word, in 1:20-22 baie duidelik vir die lesers uit. Volgens 1:20b het die laaste dinge (τὰ ἔσχατα) vir iemand wat weer deur die besmettinge van die wêreld oorwin word erger (χείρονα) geword (γέγονεν) as die eerste (τῶν πρώτων).

Die "eerste dinge" verwys klaarblyklik na die toestand waarin hierdie mense verkeer het voordat hulle deur die kennis van Jesus Christus die besmettinge van die wêreld ontvlug het. Wanneer hierdie mense oorwin word, keer hulle dus nie net na die toestand van 'n ongelowige terug nie, maar is erger daaraan toe as 'n ongelowige.

Wanneer hierdie woorde van Petrus met Matteus 12:45 en Lukas 11:26 vergelyk word, is dit duidelik dat Petrus in 2:20 na woorde verwys wat deur Jesus Christus tydens sy aardse lewe gebruik is. Volgens Matteus 12:22-32 en Lukas 11:14-26 het Jesus duidelik gemaak dat Hy die Een is wat gekom het om die Bose se mag oor die mens te verbreek. Hy waarsku egter in dié gedeeltes dat iemand wat hierdie verlossende mag van Hom ervaar het, moet beseef dat die Bose sal terugkeer. Indien so 'n persoon nie in persoonlike gemeenskap met Jesus Christus leef nie, sal die Bose terugkom en nog kragtiger van hom besit neem as voorheen (Ridderbos, 1978:109-110) - "Die laaste van daardie mens", sê Jesus volgens Matteus 12:45 en Lukas 11:26, "word erger as die eerste".

Dit blyk dat Petrus in 2:20 doelbewus by Jesus se woorde aansluit. Wanneer mense, wat so pas uit die heidense leefwyse ontvlug het (2:18; vergelyk punt 3.2.5.1) weer na hierdie leefwyse terugkeer, kom hulle erger onder die beheer van daardie leefwyse as voorheen; dit waarteen Jesus Christus tydens sy aardse lewe gewaarsku het, het dan in hulle lewe gebeur.

In teenstelling met hierdie "laaste" toestand waarin die mense onder sterker beheer van die bese beset kom, stel Petrus die moontlikheid om te ontsnap van die besmetting van die wêreld: die kennis van Jesus Christus (2:20a) stel die mens in staat om te ontsnap. Deur die grondige kennis van Jesus Christus, hoef die mense wat pas uit die heidense leefwyse ontsnap het (2:18), nie terug te keer na hulle ou leefwyse nie.

Petrus waarsku die lesers dus in 2:20 teen die gevaar om na die ou leefwyse terug te keer deur hulle op die gevolge te wys van so 'n daad. Mense wat so iets doen, word erger deur die ou leefwyse vasgevang as voorheen. Soos Jesus Christus gewaarsku het, sal die mag van die Bose 'n sterker greep op hulle kry as wat dit was voor hulle begin het om die besmettinge wat in die wêreld ontstaan, te ontsnap. Implisiet moedig Petrus die lesers met hierdie waarskuwing aan om eerder in die kennis van Jesus Christus te groei en daardeur die besmettinge van die wêreld te ontvlug.

3.2.5.4 Ἐπιγνώσει, ἐπεγνωκέναι en die weg van geregtigheid

Petrus brei hierdie waarskuwing in 2:20 uit deur te verwys na mense wat eers die weg van geregtigheid (τὴν ὁδὸν τῆς δικαιοσύνης) geken het (2:21).

Soos reeds in hoofstuk 4 punt 3.2.2.2 van hierdie studie vermeld is, toon Grundmann (1974:89-91) aan dat die woord ὁδός deur Petrus gebruik word as "verwirklichende Lebenslehre". Hy toon ook aan dat die frase "weg van geregtigheid" (τὴν ὁδὸν τῆς δικαιοσύνης) verstaan moet word as die "vom Rechten bestimmte und es verwirklichende Leben". Die frase "die weg van geregtigheid" wys dus op 'n lewenswyse waarin geregtigheid gestalte kry. Hierdie geregtigheid, so is in hoofstuk 4 punt 3.2.2.2 aangetoon, is 'n lewe waarin volgens God se wil en nie volgens eie begeertes geleef word nie.

Wanneer in ag geneem word dat Petrus reeds in 1:5-7 'n leefwyse volgens God se wil beskryf het (vergelyk hoofstuk 5 punt 2.2.1 van hierdie studie), kan afgelei word waaruit so 'n leefwyse bestaan waarin geregtigheid gestalte kry. Wanneer iemand die "weg van geregtigheid" ken, vertoon sy lewe die deugde wat in 1:5-7 vermeld word.

Die feit dat Petrus in die beskrywing van die valse leraars hulle leefwyse in 2:15 ook as die volg van 'n "weg" beskryf, werp verdere lig op Petrus se bedoeling met die frase "weg van geregtigheid". Die leefwyse wat met die frase "weg van geregtigheid" beskryf word, staan in kontras met die leefwyse van die valse leraars wat in die vorige aantal verse beskryf word. Anders as die valse leraars wie se leefwyse juis ten nouste verbind is met ongeregtigheid (vergelyk 2:13 en 2:15), is geregtigheid 'n integrale deel van iemand se leefwyse wat die weg van geregtigheid volg.

Hierdie weg van geregtigheid kan volgens 2:21 *geken* word. In die lig van die betekenis waarvoor die woord ἐπεγνώκειν in 2:21 gebruik word (vergelyk punt 3.2.3), is dit duidelik wat Petrus daarmee bedoel wanneer hy sê dat iemand die weg van geregtigheid geken het. Om die weg van geregtigheid te ken, beteken nie maar net om inligting daarvoor te besit nie, maar beteken om grondige kennis daarvan te hê, tot so mate dat dit as weg bewandel word. Sulke persone het dus werklik begin om 'n lewe volgens God se wil te leef. Hulle het die leefwyse hulle eie begin maak.

Dit word duidelik dat die frase ἐπεγνώκειν τὴν ὁδὸν τῆς δικαιοσύνης 'n parallel vorm met die frase ἀποφυγόντες τὰ μιάσματα τοῦ κόσμου in 2:20. Deur beide frases stel Petrus die verandering wat die persone, wat hy in 2:20-21 as voorbeeld voorhou, ondergaan het. Negatief gesproke het hulle die besmettinge ontvlug (2:20); positief gesproke het hulle tot kennis van die weg van geregtigheid gekom. Daar kan daarom ook afgelei word dat Petrus veronderstel dat die kennis van die Here en Saligmaker Jesus Christus ook die instrument is waarmee en die bron waaruit hierdie mense tot die ken van die weg van geregtigheid gekom word. Die feit dat Petrus in 2:21 spesifiek die woord ἐπεγνώκειν gebruik, bevestig hierdie afleiding. Hy het immers in 2:20, toe hy kennis as die instrument aangedui het waarmee die besmettinge ontvlug kan word, die woord ἐπιγνώσει gebruik.

Petrus hou dus in 2:21a die mense wat onlangs (2:18) die heidense leefwyse ontvlug het voor as mense wat 'n grondige kennis van 'n leefwyse volgens God se wil verkry het - wat werklik begin het om volgens God se wil te lewe. Implisiet stel hy ook die grondige kennis van Jesus Christus as die instrument waardeur die mense hierdie leefwyse hulle eie begin maak het

3.2.5.5 Ἐπιγνώσει, ἐπεγνωκέναι, ὑποστρέψαι en die heilige gebod wat oorgelewer is

In 2:21b brei Petrus uit op die voorbeeld van die mense wat 'n lewe volgens God se wil werklik hulle eie gemaak het. Hy verwys klaarblyklik met die ἡ ἐπιγνωθῆσιν in 2:21b na die mense wat volgens 2:21a 'n lewe volgens God se wil hulle eie gemaak het (vergelyk die vorige punt).

Volgens die voorbeeld wat Petrus in 2:21b aan die lesers voorhou, volhard die persone wat die leefwyse volgens God se wil hulle eie gemaak het, nie daarmee nie. Petrus sê hulle keer terug na hulle ou geloof (vergelyk punt 3.2.4.5 vir die betekenis waarvoor die woord ὑποστρέψαι in 2:21 gebruik word).

Dit val op dat Petrus nie sê dat die mense hulle vanaf die *weg van geregtigheid* af wegkeer nie, maar vanaf τῆς παραδοθείσης αὐτοῖς ἀγίας ἐντολῆς (2:21). Hierdie mense keer die rug op *die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is* en keer terug na hulle eertydse oortuigings. Dit is duidelik dat hy daarmee die *weg van geregtigheid* en *die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is* op een lyn stel.

Die vraag is na watter gebod Petrus in 2:20 verwys. Volgens Schelkle (1988:218) dui die enkelvoud "gebod" daarop dat die skrywer die belangrikste gebod, te wete die liefde, in die oog het (vergelyk Jh. 13:34; 1 Tm. 6:14 en 1 Jh. 3:23). Green (1977:120) stel weer dat ἐντολῆς na die Tien Gebooie verwys. Die konteks waarbinne Petrus die woord ἐντολῆς gebruik, dui egter daarop dat hy die eis om volgens God se wil te lewe, in die oog het. Petrus het immers in die vorige verse die onheilige lewe van die valse leraars beklemtoon. In kontras met hierdie onheilige lewe, staan die heilige lewe wat hy in 1:5-7 beskryf. Petrus het dit die lesers op die hart gedruk dat geloof opgevolg moet word met hierdie lewe volgens God se wil (vergelyk 1:5a en hoofstuk 5 punt 2.2.4.2). Wanneer hy in 2:21 van die "gebod" praat, is dit duidelik dat hy na hierdie vereiste verwys.

In die lig daarvan dat die woord ἐντολῆς verwys na *dit wat gesagvol beveel word* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:426), is dit duidelik dat Petrus die aspek van gesag op die voorgrond stel. Hy wil beklemtoon dat iemand wat die weg van geregtigheid leer ken het, onder dit wat gesagvol beveel is, staan. Die aspek van gesaghebbendheid word verder beklemtoon deurdat die gebod as heilig (ἁγίας) beskryf word. Deur die gebod heilig te noem, verwys Petrus na

die oorsprong van die gebod (Kahmann, 1983:81; Knoch, 1990:271). Hierdie gebod vind nie sy oorsprong in mense nie, maar in God. Omdat God heilig is (vergelyk 1 Pt. 1:15-16), is die eis wat Hy stel 'n heilige gebod. Iemand wat dus die weg van geregtigheid leer ken het en dan die gebod verlaat en terug keer na die vorige leefwyse, oortree teen die Gewer van die gebod; hy oortree teen die heilige God. Iemand wat dus die weg van geregtigheid leer ken het, het daarmee te staan gekom onder God se gesagvolle eis om heilig te lewe.

Petrus sê dat hierdie gebod "oorgelewer is" (παράδοθείσης). Daardeur beklemtoon hy die weg waarlangs hierdie gebod tot die mense gekom het. Hierdie interpretasie word gestaaf deur dit wat Petrus later in die brief van die gebod sê. In 3:2 lê hy daarop klem dat die gebod deur Jesus Christus aan die apostels gegee is en dat die apostels dit weer aan die lesers gegee het (vergelyk hoofstuk 6 punt 4.2.5.4 van hierdie studie). Petrus stel dus deur die gebruik van die woord παράδοθείσης in geen onsekere terme dat iemand wat die weg van geregtigheid leer ken het en dan terugkeer na die vorige oortuiging, daarmee Jesus Christus en die apostels die rug toekeer.

Dit word duidelik waarom Petrus in 2:21 sê dat dit beter sou wees (κρεῖττον) om nie die weg van geregtigheid te geken het nie, as om dit te geken het en dan na die ou geloofsoortuigings terug te keer. In die laaste deel van die vergelyking in 2:21 vervang hy die frase τὴν ὁδὸν τῆς δικαιοσύνης met die frase τῆς παραδοθείσης αὐτοῖς. Daarmee hou hy aan die lesers voor wat iemand wat na sy vorige oortuigings terugkeer, in werklikheid doen. So iemand verwerp God wat die eis stel tot 'n lewe volgens sy wil. Die persoon keer ook Jesus Christus en die apostels, deur wie God aan hulle die gebod gegee het, die rug toe.

Dit blyk dat Petrus die lesers in 2:21 waarsku om nie aan die valse leraars toe te gee nie. Hierdie waarskuwing klee hy in deur aan hulle die voorbeeld voor te hou van mense wat 'n leefwyse volgens God se wil hulle eie gemaak het, maar daarna teruggekeer het tot hulle ou oortuigings. Sulke mense, waarsku Petrus, verwerp nie net God wat aan hulle die eis stel om volgens sy wil te lewe nie, maar verwerp ook Jesus Christus en die apostels deur wie God die eis tot hulle gebring het.

3.2.5.6 Ἐπιγνώσει, ἐπεγνώκέναι, ὑποστρέψαι en die spreekwoord in 2:22

Petrus gebruik in 2:22 'n spreekwoord wat in nie-Bybelse bronne as twee spreekwoorde voorgekom het en wat ingelei was deur die woord κρεῖττον (vergelyk Snyder, 1977:119-120). Hy verwys in die spreekwoord na twee diere wat in Israel as uiters onrein diere beskou is (Groenewald, 1977:135).

Met hierdie spreekwoord maak Petrus dit opsommenderwys duidelik hoe verskriklik dit is wanneer iemand nie volhard om deur die kennis van Jesus Christus die besmetting van die

wêreld te ontvlug nie, maar na die vorige oortuiging terugkeer. So iemand, sê Petrus, is soos 'n hond wat na sy braaksel terugkeer en 'n skoongewaste vark wat weer in die modder rol. "De skrywer stelt met het spreekwoord de absurditeit van zo 'n handelwijze in het licht en geeft lucht aan zijn diepe verachting ervoor" (Kahmann, 1983:82).

4. Gevolgtrekkings

4.1 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 (2:1-10a)

Op grond van die voorafgaande is dit duidelik dat Petrus in gedagte-eenheid 1 vir die lesers wil beklemtoon dat die Here Jesus (vergelyk punt 1.2.2.1) konsekwent inligting aangaande onregverdiges (vergelyk punt 1.2.2.2) en aangaande vromes (1.2.2.3) uit sy geheue oproep en dienooreenkomstig gepas optree (vergelyk punt 1.2.1.1). Hierdie gepaste optrede, behels *straf* (vergelyk punt 1.2.2.4) én *verlossing* (1.2.2.5).

Hierdie gevolgtrekkings kan soos volg in meer besonderhede uiteengesit word:

4.1.1 Die woord οἶδεν in 1:9

In gedagte-eenheid 1 dra die woord οἶδεν die kenmotief. Die woord οἶδεν impliseer die konsekwente oproep van inligting uit die geheue wat 'n gevolglike konsekwente gepaste optrede insluit.

4.1.2 Die Persoon wat inligting uit sy geheue oproep en gepas optree.

Die Here Jesus Christus is die Persoon wat volgens 2:9 konsekwent inligting uit sy geheue oproep en gepas optree. Hy doen dit in die hoedanigheid van die een wat God aangewys het om in sy naam dit te doen.

4.1.3 Die onregverdiges aangaande wie die inligting uit die geheue opgeroep word

4.1.3.1 Die inligting wat die Here uit die geheue oproep, het veral betrekking op die valse leraars wat in 2:1-3 vermeld word.

4.1.3.1.1 Hierdie leraars was mense wat in die toekoms hulle werksaamhede tot volle wasdom sou bring, maar hulle was reeds in die lesers se geledere aan die werk.

4.1.3.1.2 Die leraars staan in die tradisie van die valse profete van die Ou Testament. Hulle leer ook, soos die valse profete, nie met goddelike gesag nie; hulle

verkondig ook vrede terwyl hulle oordeel moet verkondig. God se oordeel oor hulle is ook reeds aangekondig.

- 4.1.3.1.3 Die valse leraars het 'n leer verkondig wat vals is en wat menslik uitgedink is. Hulle leer was 'n vreemde leer wat hulle van buite af sou insmokkel. Die navolging van hierdie leer sou lei tot eskatologiese vernietiging van elke navolger.
- 4.1.3.1.4 Hierdie valse leraars was mense wat met die mond bely het dat Jesus Christus hulle met sy bloed gekoop het. Hulle het egter geweier om sy volstreekte gesag oor hulle te erken deurdat hulle 'n valse leer verkondig het en immoreel gelewe het.
- 4.1.3.1.5 Die leraars is deur hebsug gemotiveer en indien hulle deur die lesers onderhou sou word, sou dit op uitbuiting neerkom.
- 4.1.3.1.6 Die leraars se werksaamhede sou slegte gevolge inhou. Hulle arbeid sou daartoe lei dat mense immoreel begin optree. Daar sou ook 'n verdere gevolg wees: die heidene sou die apostoliese leer soos dit in die praktyk van 'n navolger van Jesus Christus se lewe gestalte kry, negatief beoordeel.
- 4.1.3.1.7 Die valse leraars het in leer en lewe in skrilte kontras met die apostels gestaan.
- 4.1.3.2 Deur die verwysing na die engele in 2:4, die ou wêreld in 2:5 en Sodom en Gomorra in 2:6-8, maak Petrus meer besonderhede bekend van die onregverdiges wat die Here onthou om te bewaar om gestraf te word.
- 4.1.3.2.1 Deur die voorbeeld van die engele wys Petrus die onregverdiges aan as mense wat weier om hulle aan gesag te onderwerp.
- 4.1.3.2.2 Petrus gebruik die voorbeeld van die "ou wêreld" om die onregverdiges te tipeer as mense wat, soos die mense kort voor die sondvloed, boos en sleg is.
- 4.1.3.2.3 Die voorbeeld van Sodom en Gomorra dien daartoe om duidelik te maak dat die onregverdiges mense is wat hulle nie aan God se wette steur nie.
- 4.1.3.3 Die onregverdiges wat die Here onthou om te bewaar om gestraf te word, is volgens 2:10 mense wat hulle deur wellustige begeertes laat oorheers en wat die heerskappy van Jesus Christus sonder waarde ag.
- 4.1.5 **Die vromes aangaande wie die Here konsekwent inligting uit die geheue oproep en gepas optree**
- 4.1.5.1 Deur die verwysing na Noag in 2:5 en Lot in 2:7-8, maak Petrus aan die lesers meer besonderhede bekend aangaande die vromes wat die Here onthou om te red.

- 4.1.5.1.1 Deur die verwysing na Noag, maak Petrus duidelik dat mense wat vroom is, mense is wat, te midde van andere wat onreg doen, geregtigheid doen en daardeur op ander mense 'n appèl maak om ook geregtigheid te doen.
- 4.1.5.1.2 Wanneer Petrus na Lot verwys, beklemtoon hy vir die lesers dat 'n vrome iemand is wat weier om aan sedeloosheid enige deel te hê en wat uit innerlike oortuiging daarteen stry.
- 4.1.6 Die straf waarvan die Here konsekwent inligting uit die geheue oproep en gepas optree**
- 4.1.6.1 Die straf van die onregverdiges het spesifiek betrekking op die oordeel oor die valse leraars wat in 2:1-3 aangekondig is.
- 4.1.6.1.1 Die straf wat die valse leraars tegemoet gaan, behels vernietiging.
- 4.1.6.1.2 Wanneer die valse leraars op die toneel verskyn, is hulle vernietiging reeds voor hande.
- 4.1.6.1.3 In die tyd voor die dag van die Here aanbreek (3:10), is God reeds besig om die oordeel van die valse leraars in werking te stel.
- 4.1.6.2 Deur die verwysing na God se oordeel oor die engele, oor die ou wêreld en oor Sodom en Gomorra, maak Petrus meer besonderhede bekend aangaande die oordeel wat in 2:9 ter sprake is.
- 4.1.6.2.1 Die verwysing na God se oordeel oor die engele laat blyk dat God ongetwyfeld sal oordeel.
- 4.1.6.2.2 Deur die verwysing na God se straf oor die ou wêreld, maak Petrus duidelik dat God die leefwêreld van die onregverdige sal vernietig.
- 4.1.6.2.3 Wanneer Petrus na God se straf oor Sodom en Gomorra verwys, beklemtoon hy dat God die onregverdiges, wat Hy veroordeel het, geheel en al sal vernietig.
- 4.1.7 Die redding waarvoor die Here konsekwent inligting uit die geheue oproep en gepas optree**
- 4.1.7.1 Deur die verwysing na die redding van Noag en Lot in 2:5-8, maak Petrus meer besonderhede bekend aangaande die verlossing wat in 2:9 ter sprake is.
- 4.1.7.1.1 Uit God se optrede teen Noag, is dit duidelik dat God vromes, wat as gevolg van hulle geloof in die konfrontasie staan met die wêreld waarin hulle leef, 'n tyd in hierdie konfrontasie laat leef. Hierdie tyd is vir die vrome 'n tyd waarin hy versoek word om deel te hê aan die goddeloosheid van die mense rondom hom. Uiteindelik verlos God die vrome wanneer Hy sy oordeel oor die goddelose voltrek terwyl die vrome veilig bewaar word.

- 4.1.7.1.2 Ook God se optrede teenoor Lot dien as voorbeeld dat God die vromes 'n tyd in konfrontasie met die sedelose en losbandige wêreld rondom hul laat leef. Hierdie tyd is 'n tyd van versoeking waarin die vrome deur hierdie sedeloosheid en losbandigheid beïnvloed en aangetrek kan word. Uiteindelik verlos God die vrome wanneer Hy die sedelose en losbandige wêreld met sy oordeel vernietig, maar die vrome die verwoestende oordeel spaar.

4.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 (2:10b-16)

- 4.2.1 Die kenmotief word in gedagte-eenheid 2 deur die woorde ἄλογα (2:12), ἄγνοοῦσιν (2:12), ἡγούμενοι (2:13), ἀπάταις (2:13), ὀφθαλμούς (2:14), ἀστηρίκτους (2:14), καταλείποντες (2:15), ἐπλανήθησαν (2:15) en παραφρονίαν (2:16) gedra.
- 4.2.2 Ἄλογα in 2:12 hou verband met die beheer en verwerk van inligting in die algemeen, en laat die klem val op die onvermoë om te redeneer.
- 4.2.3 Die woord ἄγνοοῦσιν in 2:12 beklemtoon die feit dat inligting nie saamgestel en geëvalueer kan word nie. Die woord impliseer die onvermoë om dit te doen.
- 4.2.4 Die woord ἡγούμενοι in 2:13 hou verband met die inligting wat reeds verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. Die woord ἄγνοοῦσιν verwys na die feit dat 'n perspektief gehandhaaf word en 'n mening gehuldig word.
- 4.2.5 Ἀπάταις in 2:13 het met inligting wat verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is, te doen. Hierdie woord verwys daarna dat veroorsaak word dat iemand verkeerde perspektiewe op die waarheid het.
- 4.2.6 Die betekenis waarvoor ὀφθαλμούς in 2:14 gebruik word, beklemtoon die vermoë om inligting te kan verwerk en te evalueer. Hierdie vermoë is die gevolg van waarneming.
- 4.2.7 Die woord ἀστηρίκτους in 2:14 het te doen met die inligting wat reeds verwerk is en waaroor reeds tot 'n besluit gekom is. Die woord verwys na die verandering in standpunt met betrekking tot die waarheid en die betekenis waarvoor die woord gebruik word, laat die klem val op die onsekerheid en huiwering in standpunte oor die waarheid. In hierdie toestand van onsekerheid kan nie tot 'n finale besluit gekom word nie.
- 4.2.8 Καταλείποντες in 2:15 hou verband met die beheer en verwerking van inligting. Die woord fokus op die laat vaar van of die verwaarlosing van besorgdheid oor iets. Gepaste reaksie wanneer die besorgdheid laat vaar word of verwaarloos word, is, hoewel op die agtergrond, ook ter sprake in die betekenis waarvoor die woord gebruik word.
- 4.2.9 Ἐπλανήθησαν het met inligting te doen wat verwerk is en waaroor tot 'n besluit gekom is. In die betekenis waarvoor die woord gebruik word, staan die

betekeniskomponent *om te veroorsaak dat iets gebeur* op die voorgrond. Die woord verwys daarna dat veroorsaak word dat iemand 'n verkeerde perspektief het en hom gevolglik misreken.

- 4.2.10 Παράφρονίαν hou verband met die beheer en verwerk van inligting. In die betekenis waarvoor dié woord gebruik word, word die vermoë of onvermoë om te redeneer nie beklemtoon nie, maar die feit dat op 'n totaal irrasionele manier gedink en geredeneer word.
- 4.2.11 Die skrywer maak dit vir die lesers duidelik dat die valse leraars, wat in hulle vernietigingswerk vernietig gaan word, soos diere is wat nie kan redeneer nie. Die rede hoekom hulle nie kan redeneer nie, is omdat hulle volgens hulle drange optree. Die gevolg van hulle redelose optrede en navolging van hulle drange, is dat hulle soos diere is wat gebore word om vernietig te word.
- 4.2.12 Petrus wys op die oorsaak waarom die valse leraars dinge laster: hulle doen dit omdat hulle dinge nie verstaan nie en ook nie kan verstaan nie.
- 4.2.13 Die valse leraars se beskouing van genot het veroorsaak dat hulle skandvlekke en smette is. Omdat hulle aan hierdie beskouing uiting gegee het tydens die liefdesmaaltye, was die maaltye waaraan hulle deelgeneem het, nie liefdesmaaltye nie, maar bedrieërye.
- 4.2.14 Die valse leraars is kinders van die vervloeking omdat hulle, wanneer hulle 'n vrou sien, die inligting wat hulle ontvang, so verwerk, dat hulle altyd 'n owerspelige vrou sien.
- 4.2.15 Petrus dui die slagoffers van die valse leraars aan as mense wie se standpunte met betrekking tot die evangelie wat die apostels verkondig het, onseker is en wat nie daaroor tot 'n finale besluit kan kom nie.
- 4.2.16 'n Rede waarom die valse leraars kinders van die vervloeking is, is omdat hulle 'n verkeerde perspektief het. Daardeur het hulle God se vloek, wat lankal aangekondig is, oor hulle gehaal. Hulle het tot verkeerde perspektief gekom deurdat hulle die boodskap van Jesus Christus se magtige koms verwerp het.
- 4.2.17 Deur die voorbeeld van Bileam se bestraffing beklemtoon Petrus vir die lesers dat die valse leraars heeltemal irrasioneel redeneer wanneer hulle aanvaar dat hulle ongehinderd met hulle ongeregtigheid sal kan voortgaan. Wanneer hulle so dink, het hulle minder insig as Bileam se donkie.

4.3 Die kenmotief in gedagte-eenheid 3 (2:17-22)

- 4.3.1 In gedagte-eenheid 3 gebruik Petrus die volgende woorde waarin die kenmotief na vore tree: ἐπιγνώσει (2:20), ἐπεγνώκέναι (2:21), ἐπιγνωθῆσιν (2:21) en ὑποστρέψαι (2:21).

- 4.3.2 Ἐπιγνώσει, ἐπεγνώκεναι en ἐπιγνοῦσιν in 2:20 veronderstel dat kennis reeds verkry is. Ἐπιγνώσει dui kennis aan wat in 'n mindere of meerdere mate afgebaken is en hierdie kennis veronderstel 'n diepgang.
- 4.3.3 Ὑποστρέψαι in 2:21 het te doen met inligting wat verwerk is en waaroor reeds tot 'n besluit gekom is. Dié woord verwys na die verandering van standpunt met betrekking tot die waarheid en fokus op die standpunt waarnatoe verander word, te wete die vorige oortuigings.
- 4.3.4 Die diepgaande kennis van Jesus Christus word deur Petrus aangedui as die instrument waarmee die besmetting wat in die wêreld plaasvind, ontvlug kan word.
- 4.3.5 Petrus waarsku die lesers dat mense wat begin het om die besmettinge wat in die wêreld ontstaan, te ontvlug, weer deur hierdie besmettinge oorwin kan word. Dit sal gebeur wanneer hulle verstrengel raak in hierdie besmettinge. Petrus moedig die lesers deur hierdie waarskuwing implisiet aan om die deugde wat in 1:5-7 genoem word by hulle lewe te voeg. Wanneer hulle dit doen, sal daar groei in die diepgaande kennis van Jesus Christus kom - die kennis waardeur hulle die besmettinge van die wêreld ontvlug.
- 4.3.6 Die lesers word deur Petrus gewaarsku teen die gevaar om na 'n ou leefwyse terug te keer deur hulle op die gevolge van so 'n daad te wys. Mense wat terugkeer na hulle ou leefwyse, word erger daardeur vasgevang as voorheen. Hulle kom, volgens Jesus Christus se waarskuwing, in 'n sterker greep van die Bose as voorheen. Implisiet moedig Petrus die lesers aan om eerder in die kennis van Jesus Christus te groei en daardeur die besmettinge van die wêreld te ontvlug.
- 4.3.7 Die moontlike slagoffers van die valse leraars is mense wat 'n grondige kennis van 'n leefwyse volgens God se wil verkry het. Die instrument waarmee die mense hierdie leefwyse hulle eie gemaak het, word implisiet deur Petrus as die diepgaande kennis van Jesus Christus aangedui.
- 4.3.8 Die skrywer waarsku die lesers om nie aan die valse leraars toe te gee nie. Hy wys hulle daarop dat mense wat 'n leefwyse volgens God se wil hulle eie gemaak het, en dan weer na die ou geloof terug te keer, God se eis om volgens sy wil te lewe, verwerp. Hulle verwerp ook Jesus Christus en die apostels deur wie God hierdie eis tot hulle gebring het.
- 4.3.9 Die skrywer waarsku die lesers dat iemand wat nie volhard om deur die kennis van Jesus Christus die besmettinge wat in die wêreld ontstaan, te ontvlug nie, maar terugkeer na die ou leefwyse, so veragtelik optree soos 'n hond en 'n vark.